# Die Openbaring Van Jesus Christus

Jeffersonville, Indiana, USA
4 Desember 1960 (Oggend)

1 Baie dankie, Broer Neville. Mag sit.

Ek glo dit is eenkeer gesê, dat: "Ek was bly toe hulle vir my gesê het: 'Laat ons in die huis van die Here ingaan.'"

Nou, ons is jammer dat ons nie plek het, of sitplek, vir almal wat teenwoordig is, en miskien sal groei deur die komende week, van mense wat inkom, hoor van die diens nie.

Maar die rede vir hierdie spesiale tyd was dat ons sou … Op my hart het die Heilige Gees hierdie waarskuwing van oortuiging gelê, dat: "Die Kerk in hierdie dag hierdie Boodskap moet hê." Want ek glo dat dit die mees uitstaande Boodskappe van die Bybel is, want dit openbaar Christus in Sy Kerk op hierdie tyd.

Dan, niemand kan geloof hê of weet wat hulle doen, of waarheen hulle gaan nie, tensy hulle iets het, iets om hulle gedagtes en geloof op te baseer. Daarom, as die Skrif Christus aan ons geopenbaar het in hierdie laaste dae, en die toestand van die tyd, sou dit ons goed doen om—om Dit te ondersoek en uit te vind waar ons is.

2 Nou, ons is—ons is jammer dat ons kerk nie groter is nie, eendag hoop ons om dit te hê.

En hierdie laaste vier dae veral, terwyl ek gestudeer het vir hierdie oor die historiese deel van die—van die Boek van Openbaring, het ek dinge raakgeloop wat ek nooit gedink het regtig ooit gebeur het nie. En dit het selfs vir my 'n—'n gevoel gebring dat, na hierdie *Sewe Kerkeeue*, nadat ek daardeur is, ek graag nog so 'n reeks wil hê om "die—die ware Kerk en die vals kerk" bymekaar te bring, en net deur die geskiedenis en Skrif. Soos ek eenkeer gepoog het, op 'n preek, om "die ware Wingerdstok en die vals wingerdstok" te neem, gevind in die Bybel. En ons is …

3 Ons gaan probeer om 'n paar stoele te kry, terwyl ek dink aan die mense wat probeer sit. En ons gaan kry, probeer kry, nog 'n paar stoele, om te probeer om die kamers hier vol te maak, en uit, en 'n paar meer rond, sodat ons nog 'n paar mense kan laat sit gedurende die dienste.

4 Nou, hieroor sou ek elkeen van julle vra wat regtig besorg is oor hierdie dinge, dat julle sou—sou kom elke keer wanneer ons Dit gaan—gaan verduidelik. En ek wou nie onderneem nie, of het ek self gedink … [Leë kol op band — Red.] … onderneem om … [Leë kol op band.] … hierdie groot Boek van die Openbaring van … [Leë kol op band.] … Sewe Kerkeeue. Maar ek maak plegtig staat op God om—om dit aan my te openbaar net soos ek daarby kom.

Die natuurlike geskiedenis, wat van die … geneem is van die mees uitstaande geskiedkundiges waarvan ek weet. In my studeerkamer het ek reg nou omtrent vyf of ses kommentare, Hislop se *Twee Babilons*, *Foxe se Boek Van Die Martelare*, en ander groot boeke; soos die Pre-Niceense Raad, omtrent vier boeke daaroor, omtrent vierhonderd bladsye in elke boek. En daar die Niceense Raad, en al die geskiedenis wat ons kan. Want agterna, vanaf die magnetiese band, gaan ons 'n kommentaar skryf op die Sewe Kerkeeue, om te stuur na die hele wêreld, wat ons kan, want ons is in die laaste dae. Ons is by die endtyd.

5 Dit het nooit soveel in my hart opgekom tot die—die laaste verkiesing nie, en toe het ek gesien waar ons was. Toe het die Heilige Gees aan my begin openbaar om—om die mense te waarsku, en om dit te plaas. En ek kan dit nie doen in 'n—'n kerk soos hierdie, voldoende nie. En dan as ek gaan sit en net die boek geskryf het … Ek voel dat as ek by die preekstoel kom en die inspirasie van die Heilige Gees onder die Christene op my kom om my te help, dan sou ek meer toereikend wees om dan die boek te skryf, nadat ek dit van die band afgehaal het, want daar ons sou die inspirasie daarvan kry. Die boeke, natuurlik, sal soort van 'n bietjie reggemaak word, want hierbinne sit ons dinge in wat ons nie in die boek sou kon sit nie. En dan ons … En ons neem teveel tyd om onsself te herhaal, of ek doen. En dan, in die boek sal dit alles reggestel word. Maar ons gaan dit alles probeer kry, soveel as wat ons kan, op bande.

Nou, die bande, elke aand, literatuur ensovoorts, die seuns sal dit net buite die gebou daar hê.

6 Nou, ek mag nie in staat wees om elke aand, soos ons op onsself geneem het om te probeer vir die heerlikheid van God, om—om hierdie sewe kerkboodskappe, of Sewe Kerkeeue, in sewe nagte te bring nie; neem elke aand, 'n eeu. Soos, Maandagaand, Efése; Dinsdagaand, Smirna; Woensdagaand, Pergamus; Donderdagaand, Thiatire; Vrydagaand, Sardis; en Saterdagaand, Filadelfia; en Sondagoggend en Sondagaand, die Laodicése, die kerkeeu waarin ons lewe. Gee die historiese van die oorspronklike kerk, en die—en die skrywers en die historici, en die engele van daardie eeu, en—en die boodskappe, en die loop van die kerk, soos dit afgekom het tot hierdie tyd.

En dis ongelooflik om te sien hoe elke voorspelling van daardie Skrif solied tref met die geskiedenis, net presies, by die gedagte daaraan. Dit het my selfs so verbaas, tot, gister het ek gelees tot dit gevoel

het asof my oë uitgeswel het. En ek het uitgekom en vir die vrou gesê: "Ek het nooit gedroom dat dit so is nie." Sien? Hoe groot was dit nie!

7 En nou, een of ander tyd, mag ek nie in staat wees om dit alles oor te kry in een aand nie, die kerk, die boodskap aan die kerk. En as ek dit nie kan klaarmaak in die aand nie, dan die volgende oggend om tienuur. Sal elke aand aangekondig word aan diegene wat wil kom luister na die res daarvan, want ons gaan probeer om dit op die band te kry. Ek sal dan dienste hê vanaf tienuur in die oggend tot middag in die dag, om dit te probeer uitkry, die res van die boodskap, want hulle kan dit op die band kry. Nie …

Ons het aangekondig dat daar geen genesingsdienste sal wees nie, omdat ons probeer om onder die profetiese uitspraak van die Bybel te bly. Dan het ons 'n genesingsdiens net onlangs hier gehad. Dan nadat hierdie dienste verby is, dan sal ons weer 'n genesingsdienste hê daar by die plek.

8 Maar nou wil ek—ek dit baie duidelik maak, sodat almal kan onthou, dat dit nou, hierbinne, kan sny en trek, en ons almal 'n groot skudding gee. Maar ek is verantwoordelik, nie vir—vir niks behalwe om die Woord te verkondig nie. Dit, dis al. Hou net—net reg by die Woord. En baiekeer mag dit, in hierdie kerkeeue, reflekteer op iemand se denominasie. En as dit dit doen, is dit nie bedoel om met hardheid te wees nie. Dit—dit is net om te sê wat die Skrif gesê het, en die openbaring wat ek Daarvan het. En as julle dink dat ek verkeerd is daarin, moet dit dan nie teen my hou nie, bid net vir my dat God my sal wys wat reg is, want ek wil beslis reg wees.

En dan nog 'n ding, besef dat die verantwoordelikheid wat ek het in—in so 'n byeenkoms soos hierdie, daardie onderrig van die mense, dat die Heilige Gees my verantwoordelik sal hou vir die woorde wat ek in hierdie preekstoel sê. So julle sien hoe plegtig ons dit benader. Nou, ons …

9 Ek sou dit êrens anders gehad het. Maar, omdat dit lering is, dan in ons … Buite in die evangelistiese dienste, het elkeen van ons 'n idee of—of onderskeiding, of soortgelyk deur die eeu, en ons het ons eie kerke, en wat ons kerke ons geleer het, en wat ons glo. Ons … Ek hou nie daarvan om in iemand anders se kerk te gaan, of tussen mense soos daardie, en iets te sê wat teenstrydig is met wat mense geleer is nie. Want, per slot van sake, ek het duidelik probeer om my stellings te maak dat 'n ...

As 'n man 'n Katoliek is, en hy maak staat op die Katolieke Kerk vir verlossing, is hy verlore. As hy 'n Baptis is wat staatmaak op die Baptiste Kerk, is hy verlore. Of 'n Pinkster wat staatmaak op die Pinksterkerk om hom te red, is hy verlore. Maar … Enige kerk! Maar as daardie individu plegtig rus op geloof in die voltooide werke van Christus op Golgota, is hy gered, ek gee nie om aan watter kerk hy behoort nie. Want: "Deur geloof is julle gered, en dit deur genade."

10 Nou, partymaal, deur dit te doen, dan sal ek dink, in my eie geboutjie hier wat ons baie jare gelede begin het, net met 'n ou klomp betonblokke en dinge, en dis soort van 'n heilige plek vir ons. Ons haat dit, haat dit net om dit te sien verander, op een manier, want dit is waar God ons eerste begin ontmoet het, toe ons selfs nie 'n vloer daarin gehad het nie. Maar dit het—dit het nou by 'n plek gekom waar dit oud word, en ons is hier in 'n bouprogram om hierdie blok met 'n kerk hier te vul.

Nou, tot dan, voel ek dat wanneer ek terugkom van die veld af, waar ek nie broers en, of boodskappe, ensovoorts, sal seermaak nie, dan gee dit my die reg om my eie opinie uit te spreek, uit—uit my … uit die preekstoel hier. En so as jy sê: "Ek is 'n bietjie anders geleer," sou ek … En dan, hierin, nooi ons net enigiemand wat wil kom. Sien? Daar's niemand wat dit borg, of enigiets nie. Dis die tabernakel hier. En enigiemand wat wil kom, is net welkom om te kom. Kom net reg aan. So ek nooi jou uit om jou Bybel te bring, elke byeenkoms, en 'n potlood en papier te bring.

11 En nou, met al die kommentare, ensovoorts, kon ek nie al die boeke gebring het nie. So ek het net geskryf, neergeskryf, elke keer, op papier hier, klein notas uit die geskiedenis en kommentare, ensovoorts, dat ek in staat mag wees om dit net te lees uit die—die notas hier, in plaas van die boek te hê en deur die bladsye te blaai. Maar wanneer dit by die Skrif kom, sal ons die Bybel gebruik. En dan in die kommentaar sal ek verduidelik; of die geskiedenis, wie die geskiedkundige was wat dit gesê het, ensovoorts. Dan in die … Natuurlik, in die geval van die komende boek, wel, dan kan ons dit dan net goed tipeer, en kan alles reg laat geskied.

12 Nou, ons sal alles doen wat ons kan om vroeg te begin en so vroeg as moontlik te verdaag. Dit sal agt dae wees van dienste, Sondag tot Sondag.

Vanoggend begin ek die 1ste hoofstuk van Openbaring, van die Boek van Openbaring. En Openbaring is in drie dele opgestel. En eerste drie hoofstukke is waarmee ons te doen kry in hierdie agt dae. Wanneer een kerkeeu ons 'n maand kon neem. Maar ons sal net die hoë plekke moet tref, soos ons dit noem. Dan wanneer jy die boek kry, sal dit uitgeskryf wees, meer in detail.

13 Nou, Openbaring, die eerste drie hoofstukke, handel oor die Kerk, dan verdwyn die Kerk. Ons sien Dit nie meer tot die endtyd nie. Van Openbaring 1 tot 3, is die Kerk; Openbaring 4 tot 19, is Israel, 'n volk; en 19 tot 22, is albei saam. En die plae en die waarskuwings, ensovoorts, aan die einde! Sit in drie dele.

Sien? En ons neem die eerste drie hoofstukke met betrekking tot die Kerk, en die kerkeeu waarin ons lewe.

Nou, eers, dit mag soort van droog lyk, want ons moet teruggaan en 'n fondasie maak. Ek het gebid en gestudeer en alles gedoen wat ek kon, om te probeer om—om die gevoel van die Heilige Gees te kry, watter kant toe om dit te stel, dat die mense dit sal sien, en dat julle mag, deur dit te sien, verlig word en veroorsaak dat julle nader aan Christus kom, want ons is by die endtyd.

14 En dis so 'n wonderlike ding, soos ek die geskiedenis bestudeer het om uit te vind hoe daardie kerk begin het, en hoe dit aan die gang gekom het, en wat plaasgevind het, en om daardie Saadjie van God deur elkeen van daardie eeue te sien beweeg; heeltemal uitgaan, amper, op een plek.

Nou, môreaand sal ons begin en 'n—'n—'n kaart hier hê; nie 'n kaart nie, maar 'n swartbord, waar ek dit soort van op 'n swartbord wil onderrig. Ek glo die Sondagskoolonderwyser, een van hulle, het 'n swartbord. Ek sien dit daar agter. Ek gaan die opsigter dit laat bring, dit hier voor sit, sodat ek van daardie swartbord af kan onderrig, en dit uitskryf sodat julle seker sal wees. En julle kan dit op julle papier teken, ensovoorts, en dit so naby kry as wat ons dit kan bring.

15 Maar ek wil dit net sê voor die aanvang: Om die begin van die kerkeeu te sien, en om te sien hoe die apostels, die leerstellings, en dinge wat hulle geleer het, en die beginsels van die Bybel; en dan om daardie kerk te sien, omtrent die tweede ronde van apostels, hoe dit begin wegsterf het, die ware, egte lering; die derde ronde, wat ver weggaan; teen die vierde ronde het dit vervaag in 'n—'n louwarm, die kerk het 'n louwarm kerk voortgebring.

En dan 'n Geesvervulde Kerk! Wat ek met goddelike respek vir elke mens se godsdiens sê. Van die begin af tot hierdie tyd, was die ware, egte Kerk 'n pinksterkerk. Dit is waar. God het hierdie Kerk voorbehou.

En ek wonder dikwels, wanneer Jesus die opmerking gemaak het, gesê het: "Vrees nie, klein kudde, dis julle Vader se goeie wil om julle die koninkryk te gee." Ek het dikwels gewonder wat dit beteken het, maar ek verstaan dit nou.

16 Verlede week het ons 'n byeenkoms gehad by Shreveport, Louisiana, die grootste geestelike byeenkoms waarin ek ooit gegaan het in my lewe. Shreveport!

Ek was … Ek het 'n paar dae vakansie gehad en ek het daar na Kentucky gegaan saam met Broer Wood hier, een van die diakens van die kerk, of trustees, liewer, om te jag. Ons het in die woude ingegaan.

Ek het die eerste eekhoring geskiet. En ek het gesê: "Ek sal net wag," want iemand kom deur met 'n paar honde. En ek het gesê: "Ek sal net wag totdat die eekhorings uit die gate terugkom. Hulle hardloop op in die bome, in die gate, en kruip nou weg." Ek het gesê: "Wanneer hulle uitkom … Ek sal hier sit en wag." Want dis baie koud en ysig, en ore wat brand. En, julle weet, die—die sterk winde wat deur die leegte kom. Ek het gesê: "Ek sal net wag totdat die eekhorings weer uitkom."

17 Ek het skaars gaan sit, toe die Heilige Gees gesê het: "Staan op en gaan op na die plek wat jy noem 'sportman se leegte.' Daar sal ek met jou praat."

En ek het opgegaan na hierdie plek wat ek "sportman se leegte" genoem het. Want die rede waarom ek daardie vallei self 'n naam gegee het, sodat ek sou weet waar ek was. "Sportman se leegte" was omdat hulle gehad het … Ek het daar ingegaan en sestien eekhorings op een boom sien sit; die limiet geskiet, die res van hulle daar gelos en weggegaan. En dis die sport, die ding om te doen. So dan noem ek dit: "sportman se leegte."

En Hy het my verwys na, "Die plek wat jy noem 'sportman se leegte.'" Nie dat Hy dit so genoem het nie, maar ek het dit so genoem.

Toe het ek opgegaan na die kop van daardie leegte en onder 'n wit akkerboom gaan sit, en omtrent 'n halfuur gewag, en niks het gebeur nie. Ek het op die grond gaan lê, myself op die grond uitgestrek, my hande uitgelê. Toe het Hy met my gepraat.

En toe Hy het, die Woorde wat Hy aan my geopenbaar het oor hierdie einste Skrif waarnatoe ons vanmôre kom, het ek dit nog nooit tevore gesien in my hele lewe nie.

En toe ek by Shreveport, Louisiana kom, 'n vrou wat 'n begaafde vrou is, haar naam is Mev. Schrader …

18 Baie jare gelede toe die Engel van die Here my hier by die rivier ontmoet het die eerste keer, en verskyn het in daardie Lig, en die Woorde wat Hy daar gespreek het; elf jaar later, toe ek by 'n diens ingestap het, het hierdie vroutjie opgestaan en in tale gepraat en geïnterpreteer. Dit was woord vir

woord dieselfde ding wat Engel gesê het.

En hierdie selfde vroutjie, toe ek in die tabernakel ingestap het by … of die plek by Shreveport waarin ons was, die Life Tabernakel, het die Heilige Gees beweeg op daardie vrou en woord vir woord gesê wat Hy vir my gesê het daar op die heuwel. Toe het die Gees begin beweeg en interpretasie gegee, dinge voorspel deur die openbaring, deur profesie, die dinge wat sou gebeur in die diens die volgende aand, en nie een keer het dit gefaal nie.

Voor dit, het 'n vroutjie opgestaan in die diens, 'n Baptiste vrou het daarheen gekom en nie geweet wat sy kon doen nie. En sy het in die middel van die diens gestaan en die Heilige Gees het op haar geval, en sy het begin praat in tale, 'n Baptiste vrou van die Eerste Baptiste Kerk van Shreveport. En toe het sy nie geweet wat sy gedoen het nie. En toe, voor sy enigiets kon sê, het die Heilige Gees die interpretasie gegee, gesê: "SO SPREEK DIE HERE: 'Binne drie maande sal daar die Gees van Moses, Elía, en Christus wees, wat in hierdie tabernakel dien.'" Daar het dit gebeur, perfek.

19 'n Baptiste man van Meridian, Mississippi, het sy hand op sy yskas begin lê om iets uit die yskas te kry, en die Gees van God het op hom gekom. En hy het in tale gespreek, nie geweet wat hy gedoen het nie. En voordat hy … kon verstaan wat hy gedoen het, het die Heilige Gees teruggepraat en gesê: "Gaan na Shreveport, Louisiana. My dienaar sal vir jou sê wat om te doen."

En hy het daar gekom, gesê: "Ek verstaan dit nie; het nooit tevore gebeur nie." O, goeiste!

Ons lewe in die laaste dae net voor die Koms van die Here.

20 Daardie klein Kerk was altyd in die minderheid, die Pinkster. Ek bedoel nie die denominasionele Pinksters nie. Ek bedoel nie dit nie. Maar, die mense met die pinkster ondervinding! Pinkster is nie 'n organisasie nie. Pinkster is 'n ondervinding wat gaan na wie ook al wil. Katoliek, Jood, Proseliet, Metodiste, Baptiste: "Wie ook al wil, laat hom kom." Dis 'n ondervinding wat die individu … God handel nie met 'n denominasie nie, Hy handel ook nie in die Heidene as 'n—'n ras of 'n volk nie. Hy deel met individue: "Wie ook al wil." Laat hom wit, swart, geel, bruin wees; Metodis, Baptis, Protestant, Katoliek, wat hy ook al is: "Laat hom kom," wie ook al. Ek is so bly Hy het dit so gemaak. Ek …

Soos die kêrel eenkeer gesê het: "Ek sal Hom liewer dit hoor sê as om my naam te noem: 'Laat William Branham kom,' want daar mag meer as een William Branham wees. Maar toe Hy gesê het: 'Wie ook al,' ek *weet* dit het my geneem."

So dis hoe ons almal kan voel: "Wie ook al wil, laat hom kom."

21 Nou, ek weet daar is baie mense wat wag hierbuite in die hotelle en motelle, wat van regoor die wêreld inkom. Sien? Daar's mense hier van Ierland en verskillende plekke, wat wag vir hierdie afsprake. Maar ek kan dit nie nou nakom nie. Ek wil my tyd hieraan gee, julle verstaan.

Wanneer ek terugkom van hierdie reise, sal ek gewoonlik terugkom om iemand te hê—om iemand te hê om te bedien, omdat hulle die afsprake nakom. Maar reg nou moet ons hulle laat gaan as gevolg van Dit.

22 Nou, net een ding voor ons begin met hierdie Boek. Aan die begin was 'n Pinksterkerk. Daardie Pinksterkerk het uitbeweeg in die krag van die Gees en 'n Boek van Handelinge geskryf. Die tweede ronde, het dit begin afneem, het die kerk formeel geword. Tweede kerkeeu, dit was werklik formeel, maar daardie klein Saad van Pinkster het bly aankom, die geestelike. Toe het dit gegaan in 'n plek van donker eeue, van omtrent veertienhonderd jaar en iets, van 'n donker vervolging. Daardie klein Pinkstereeu het bly voortleef daardeur. Hoe dit dit oorleef het, moet my nie vra nie. Dit was die hand van God, die enigste ding wat dit kon gedoen het.

Want hulle het hulle vasgepen aan pilare. En hulle het die manne geneem en hulle omgekeer oor 'n—'n stomp, en houtpenne gevat en in hulle bene gedryf, en die dier, honde, van agter af laat eet, hulle ingewande daardeur getrek, voor hulle selfs gesterf het. Vroue geneem, hulle borste afgesny, met 'n sny soos daardie, hulle regterbors, en staan en laat daardie bloed net uitvloei, totdat hulle lewe uit hulle sal uitgaan. Het die babas van die verwagtende moeders geneem en hulle vir die honde en varke gevoer, terwyl hulle na hulle gekyk het. Veronderstel om Christenskap te wees; maar die Bybel het gesê, en Jesus het gesê: "Dit sou gebeur dat hulle julle sou doodmaak, gedink hulle doen God 'n diens." Sien?

23 En nou het daardie ding afgekruip tot 'n ander eeu. Toe het dit uiteindelik uitgekom. Dan let ons op soos die kerk uitgekom het in die hervorming. Dit is afgetrek en afgetrek, van daardie tyd af, en weggekom van die Gees, weggekom van die Gees, reguit af tot hierdie laaste eeu wanneer dit gereed is om homself te konsolideer en 'n beeld van die dier te maak.

Maar daardie klein Gees sal in die harte van mense lewe totdat Jesus kom. Dit moet wees. Hou dit in gedagte.

Ons sal dit op die kaarte uitteken, die geskiedenis en alles neem, en julle wys dat dit presies so is. Laat julle die geskiedenis neem, self, en dit lees. Kyk wat die Bybel gesê het, en dan wat die geskiedenis gesê het. Kyk hoe dit net presies so bymekaar kom. O!

Mag ons almal dit nie net as 'n lesing neem nie, maar mag ons die waarskuwings van die Heilige Gees plegtig, plegtig neem en bid, dag en nag. Moenie dat enigiets jou keer om te bid nie.

24 As ons inkom, sal dit die lewens van daardie groot manne daarbinne opgrawe, hoe hulle opgeoffer het. Jy sal sien hoe min jy gedoen het. Laat my soms skaam kry vir myself, hoe ons alles so maklik moet hê, en hulle alles so moeilik gehad het. "Het rondgedwaal," het Paulus in Hebreërs 11 gesê: "in skaapvelle en bokvelle, gekwel en verdruk, behoeftig." Hoe sal ons getuienis staan teenoor hulle s'n? Hoe sal dit opweeg teen dit? En ons moet alles so goed hê.

25 Nou, net in respek voor ons die Boek oopmaak, wil ek hê vir ons almal, wie kan, staan net vir 'n oomblik vir gebed. Nou met die opregtheid van julle hart, bring 'n woord van gebed uit vir … tot God.

Here God, die Skepper van hemele en aarde, die Outeur van Ewige Lewe, en die Gewer van alle goeie en volmaakte gawes. Ons wil U vra, Here, eerstens, om ons te vergewe van al ons onverskilligheid, en ons sondes en ons oortredinge teen U, en teen mekaar en ons medemense.

Mag hierdie klein tydjie van bymekaarkom nie net wees vir die stigting van ons eie siele nie, maar mag dit wees om ons so te verlig, en ons te inspireer, totdat ons ander sal gaan vertel. Mag dit 'n tyd van hertoewyding wees, verenig met die volle Liggaam van Christus en gereed wees vir die Wegraping.

Vader God, nie deur my eie gevoelens nie, in die wete dat U dienskneg, en alle ander diensknegte, onvoldoende is vir hierdie groot taak. Besef hoe groot manne, reeds weg, dit op hulle harte geneem het om Dit te probeer openbaar, of om kommentaar te lewer op die groot Openbaring; dan besef ons dat ons, meer as hulle, onvoldoende is. Maar U is ons genoegsaamheid.

26 En ek bid, Hemelse Vader, dat U iets spesiaals sal doen gedurende hierdie tyd, dat die Heilige Gees voorrang sal hê in elke hart. Besny die lippe wat praat en die ore wat hoor. En wanneer dit alles verby is, en ons dit aan U toewy, mag ons van onder die drumpel van hierdie huis loop, sê: "Dit was goed vir ons om daar te wees. Die Heilige Gees het met ons gepraat terwyl ons daar gesit het. En nou is ons vasbeslote om alles te doen wat ons kan terwyl die Aandligte skyn." Skenk dit, Here.

Mag dit, tydens hierdie byeenkoms, mans en vroue 'n greep laat kry, opnuut. Mag U sprekers oprig met tale, interpreteerder van tale. Mag U gawes van profesie oprig. Rig predikers, pastore, evangeliste, ensovoorts, op, sodat die Kerk opgebou kan word. Rig sendelinge op om daar in die veld in te gaan en hierdie glorieryke Evangelie voort te bring. Waar ook al die Woord gaan, mag Dit in goeie grond val, honderdvoudig voortbring, want ons glo dat ons aan die einde van die eeu is. Die voleinding is naby.

Skenk hierdie dinge, Vader. En bo alle dinge, Here, op hierdie tyd, help U my, die behoeftige een. Want ek vra dit terwyl ek myself toevertrou aan U vir hierdie dienste, in Jesus Christus se Naam. Amen.

['n Suster praat in 'n ander taal. 'n Broer gee 'n interpretasie — Red.]

27 Magtige God, Wat Jesus opgewek het uit die dood, ons is so bly om te weet dat U Gees onder ons woon. Altyd is Hy waar en nooit 'n woord van onwaarheid nie. En nou, Vader, bevestig U Woord verder terwyl ons lees, tot U heerlikheid. En mag elke hart, soos U gesê het: "Wees voorbereid en gereed, want daar sal iets voortkom." Dit mag wees dat die mense hulle laaste waarskuwing sal ontvang om te draai van die dinge wat hulle nou doen, na die weg van reg. Ons dank U, Heilige God, in die Naam van U Seun, die Here Jesus. Amen.

28 Gaan nou na die Boek van die Openbaring, 1ste hoofstuk. Nou, die eerste, ek wil die eerste drie verse van Openbaring lees.

> *DIE openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het,*
>
> *wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus — alles wat hy gesien het.*
>
> *Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.*

29 Soos ek tevore gesê het, nou, hierin gaan ons nou probeer om 'n klein uiteensetting van die Boek te gee volgens die geskiedenis, ensovoorts. En elke keer wanneer julle my sien verwys na bladsye wat ek hier geskryf het, is dit goed wat ek geneem het uit kommentare, ensovoorts.

Nou, die skrywer van hierdie Boek is Johannes, Johannes die goddelike, geskryf aan die toekomstige geslag (A). (B) Gerig aan die sewe engele van die sewe verskillende tydperke van die Christelike eeu, 'n eeu vanaf die dae van die apostels tot die Koms van die Here. En die … nou, die eeue verskyn agtereenvolgens, elkeen, vanaf die hemelvaart van ons Here tot Sy Koms weer. Elke kerkeeu word beskryf van sy geestelike toestand. (E) Elke kerkeeu kan homself aanskou deur sy Skriftuurlike en geestelike praat met hulle. Soos die Gees praat, kan elke eeu homself aanskou. Elke eeu het die ware Wynstok van Christus gedra, die Wyse maagd. En elke eeu het die geënte wingerdstok gedra, die dwase maagd.

30 Geskiedkundiges stem saam, dit is Johannes se lewe. Johannes het die laaste van sy jare in die stad Efése gewoon en daar gesterf. Hy was op die eiland Patmos toe hy die Boek Openbaring geskryf het. Dit was nie die storie van sy lewe nie, maar die storie van Christus in toekomstige eeue. Sien? Dit was 'n profesie. Nie die lewe van Johannes nie, nie die lewe van Christus nie, maar profeteer van 'n toekomstige eeu. Dit was nie sy profetiese uitsprake nie; maar die Here se verheffings, plegtig. Dit was nie die Openbaring van Johannes die goddelike nie, maar die Openbaring van Christus die Here.

Dit is die laaste Boek van die Nuwe Testament, tog vertel dit die begin en die einde van die bedeling van die Evangelie. Het Bybelstudente wat saamstem.

Die briewe aan die sewe kerkeeue is geskryf, profeties, aan die toekomstige eeue. Paulus het geskryf van die lewe en heerlikheid van die sewe kerke teenwoordig in sy dag. Johannes het geskryf van die lewe en heerlikheid van die sewe kerke in die toekoms, dat Johannes die sewe pastore of boodskappers toegespreek het as direk alle Christene onder hierdie sewe verskillende engele.

31 Nou, die Boek van Openbaring, nou gaan ons neem, soos ons dit afbreek vir vanoggend en vanaand. En ons sal probeer verdaag omtrent elfuur en elf-dertig, so iets, en dan weer begin vanaand om sewe.

32 Nou die inhoud van hierdie 1ste hoofstuk. Die 1ste vers, dit—dit spreek regtig vir Homself, want dit is die Openbaring van Jesus Christus. 2de vers, Johannes die goddelike is die skrywer en dienskneg. 3de vers, die seëninge uitgespreek. Die 4de tot die 6de vers, die saluut aan die kerk. Die 7de vers, die aankondiging. Die 8ste vers, die hoogste Godheid van Jesus Christus. Die 9de tot die 20ste vers, die Patmos visioen.

En ook die 14de en 15de verse beskryf Sy sewevoudige heerlikheid van Sy Persoon. O, dis pragtig wanneer ons Christus sien in Sy sewevoudige persoonlikhede van ho- … sewevoudige wesens van Sy persoonlikhede, in Sy heerlike opstanding.

33 Nou, die titel beskryf die karakter.

*Die Openbaring van Jesus Christus, …*

Nie die openbaring van Johannes die goddelike nie, maar die Openbaring van Jesus Christus, die Seun van God.

Nou, die Griekse woord vir *openbaring* is die *apokalips*, wat "die ontvouing" beteken. En ek het daardie woord geneem en dit gesoek. Dit beteken, die apokalips, is om … Soos 'n beeldhouer wat 'n groot standbeeld gemaak het en hy het dit met 'n sluier bedek. En dan gaan hy en skeur hierdie sluier terug en openbaar wat hy agter die sluier het. Dis 'n ontbloting.

En hierdie Boek is nie soseer die ontbloting van die Persoon van Jesus Christus nie. Tog, dit spreek beslis van Sy Godheid en Sy sewevoudige persoon, en ook van die dinge wat Hy is, soos Priester, Koning, ensovoorts. Maar dit is die openbaring van die toekoms van Sy werke in Sy sewe kerkeeue wat kom. Dit …

34 Toe ons Here op aarde was, het die dissipels Hom gevra, en gesê: "Meester, sal U op hierdie tydstip die koninkryk terugbring na Israel?"

En Jesus het gesê: "Dis nie vir julle om hierdie uur of tyd te ken nie." En niemand sou weet nie. Gesê: "Selfs die Seun," nog nie, "het nie geweet nie."

Maar na Sy dood, begrafnis, en opstanding, en hemelvaart in Heerlikheid, het Hy van God die toekoms van die Kerk ontvang. Toe het Hy teruggekeer om hierdie Boodskap aan die Kerk te bring, en hierdie Boodskap van Sy koms en die toestand van Sy kerke deur die Eeu.

Hy kon dit nie doen voor Sy dood, begrafnis, en opstanding nie, omdat Hy dit nog nie geweet het nie. Maar het julle opgelet hoe die Skrif hier lees?

*Die Openbaring van Jesus Christus, wat God aan hom gegee het* (Christus), …

Hoedat God die Vader die Openbaring aan Sy Seun Jesus Christus gegee het. En Hy het Sy engel na

Johannes gestuur, om hierdie dinge te kenne te gee wat was; wat was, wat is, en wat sal wees. O, dis pragtig gestel!

35 Nou, in hierdie groot komende eeu wat Johannes gesien het! Nou, hierdie, hierdie Openbaring is aan hom gegee, streng, om die spesifieke doel van Christus te onthul, wat Hy sou wees en hoe, in elke eeu. Dis waarom ek gesê het, vanmôre, hou julle gedagtes by die ware Kerk. Die ware Kerk het op die Pinksterdag begin.

Daar is geen teoloog, Bybelgeleerde, of historikus, wat ooit kan sê dat dit begin het in die dae van Martin Luther, Wesley, Katolieke eeu, of enige ander eeu nie. Dit het begin by Pinkster. Dit was die inhuldiging van die Kerk. Dit was die begin. So, dus, in 'n gesprek met enigiemand, staan by daardie Poort van Pinkster, en hulle kan nêrens anders gaan nie.

36 Net soos om 'n haas in 'n veld te sit. Jy weet waar elke gat is, so jy het dit toegestop. Hy sal reguit moet terugkom na hierdie selfde plek waar hy ingekom het.

Wel, dis die manier, enigiemand wat praat oor kerke en kerkeeue en werke van die Heilige Gees, jy sal moet terugkom na die oorspronklike begin. Dit moet daarheen terugkom, want God is oneindig en Hy is almagtig. Daarom, omdat Hy oneindig is, kan Hy nie iets *hier* doen en iets teenstrydig daarmee *hier* doen nie. Hy moet elke keer doen soos Hy dit die eerste keer gedoen het.

Soos Petrus gesê het, op die dag van … toe die Heidene die Heilige Gees ontvang het, het hy gesê: "Kan ons water verbied, siende dat hulle die Heilige Gees ontvang het soos ons aan die begin het?"

Jesus, toe Hy op aarde was, het gespreek en gesê: "Dit …"

37 Iemand het gekom en gesê: "Is dit wettig vir ons om ons vroue te skei vir enige rede?"

Jesus het gesê: "Hy wat die man gemaak het, het die vrou gemaak. Om hierdie rede sal 'n man …"

Hy het gesê: "Maar Moses het vir ons 'n skeibrief gegee."

Jesus het gesê: "Dit was nie so van die begin af nie."

Gaan terug na die begin. Daarom, as ons oor die kerkeeu gaan praat, moet ons teruggaan na die begin, elke stelling opsy sit wat enige mens gemaak het deur die eeu.

38 Hierdie is die amptelikste Boek van enige Boek in die Bybel. Hierdie is die enigste Boek waarop Christus Sy seël geplaas het. Dit begin met 'n seëning en eindig met 'n vloek. "Geseënd is hy wat lees." En: "Vervloek is hy wat enigiets Daaruit wegneem."

Dis die enigste Boek wat Christus geskryf het, Self, van die hele Bybel. Die Tien Gebooie het Hy met Sy vinger geskryf. Dis reg. Jode het daaraan vasgehou. En vandag is dit die—die Openbaring.

En as Satan enige Boek in die Bybel haat, is dit die Openbaring. Daar's twee … Hy haat die hele Skrif, en dis die hele kanon van die Skrif. Maar as daar iets is wat hy die meeste verag, is Openbaring en Génesis. Want Genesis vertel die begin. Openbaring openbaar wat met hom gaan gebeur in die laaste dag. Gaan gebind word duisend jaar; dan gaan hy, en die valse profeet, en die dier, lewendig in die Poel van Vuur gegooi word.

En hy sal die Boek van Génesis aanval omdat dit—dit outentiek is. Hy sal sê, dat: "Dit is nie outentiek nie." En hy sal die gemoedere van mense roer. Kyk waar die duiwel lê, daardie Boek van Génesis of die Boek van Openbaring, die eerste en die laaste.

39 En die Boek van Openbaring het meer simbole daarin as al die res van die Boeke in die Bybel. Dit het meer simbole omdat dit 'n Boek van profesie is. Dis 'n profetiese Boek. Daarom moet dit deur 'n profetiese klas verstaan word. Hierdie Boek is nie vir almal bedoel nie. Daar's niemand wat dit kan verstaan nie, skaars. Hierdie Boek is gemaak vir 'n sekere klas mense. Daar in Deuteronómium sê Dit: "Die verborge dinge behoort aan die—die—die Here." Dit is reg. En Hy openbaar aan ons, Sy kinders, die verborge dinge. So dit gaan nie …

Die vleeslike verstand kan nie daardie groot dinge van die Skrif verstaan nie, want dit is dwaas vir hulle. Maar aan diegene wat liefhebbers is van die Woord van God, dis aan wie die Boek geskryf is, aan die Kerk. Die Openbaring van Jesus Christus: "Aan die kerk in Efése, na die kerk van Smirna, na die kerk, na die kerke," voort. Die Openbaring van Jesus Christus aan die Kerk. Ek hou daarvan.

40 En let op, dit is ook die voleinding van die Skrifte, die volledige voleinding. En dis geografies geplaas op die regte plek, aan die einde van die Bybel. Die Openbaring van die hele ding wat hier geplaas is met 'n seën vir wie Dit lees en Dit hoor, met 'n vloek vir hulle wat sal byvoeg of wegneem. Dis die volledige kanon, o, die absoluut. Niks kan Daarby gevoeg word nie. En wanneer 'n man enigiets probeer wegneem Daarvan, of enigiets Daarby voeg, het God gesê Hy sal dieselfde deel uit die Boek van die Lewe neem.

Sien? Hy sou sy deel uit die Boek neem, as hy Daarby sou voeg.

Daarom, wanneer ons die veelvuldige Openbaring van ons Here sien, wie Hy is, wat Hy is, as enige persoon iets Daaraan sal toevoeg of enigiets Daarvan wegneem, is dit 'n valse profesie. Baie het probeer sê hulle het iets later as Dit gehad. Maar Dit is die volledige Openbaring van die Here Jesus in Sy kerkeeu en in Sy Dag, 'n Openbaring van ons Here.

Nou—nou, *onthulling*, die Griekse woord, iets wat weggesteek is, ononth- … "Christus openbaar".

Nou, die volgende vers, vind ons, in die 2de vers.

41 Die 1ste vers is onthulling van Christus, die Openbaring, of die ontbloting. O! Hoe die laaste eeu en die Koms van die Here on- … bedek was vir die apostels! Hulle het die vraag gevra, maar net een het gelewe om die Openbaring te hê. En steeds, hy het dit nie verstaan nie, want die geskiedenis was nog nie gemaak nie.

Nou, die geskiedenis van hierdie Boek, of die—die konteks van hierdie Boek, was gerig aan die sewe kerke in Klein-Asië, wat toe was. Dit was gerig aan daardie sewe kerke. Daar was meer kerke as daardie sewe, op daardie dag. Maar elkeen van daardie kerke was betekenisvol, betekenisvol oor die karaktertrek in daardie kerk, wat dit sou volg deur die eeu, die karaktertrek van daardie kerk. Soos van Efese, dit het 'n karaktertrek gehad. Smirna, Pérgamus, en verder af, Filadelfia, elkeen van daardie kerke het 'n karaktertrek daarin gehad wat weer sou verskyn in die eeue wat kom. O! As jy net kon …

42 Enige mens kan die—die geestelike toepassing van die Skrifte sien en kan sê dat hulle nie geïnspireerd was nie? Jou einste optrede, die einste motief, die einste doelwitte van die mense, wel, dit bewys dat die Skrif geïnspireerd is, om te sien hoe God daardie dinge toepas. Net wat jy *hier* doen, is 'n tipe van iets.

Soos Abraham wat Isak geoffer het, sy enigste seun; 'n tipe van God wat Sy Seun gee, honderde jare later. Hoedat Josef verkoop en in die tronk was, deur sy broers gehaat en deur sy vader bemin is; Jesus, in tipe. Hoe die Gees deur Josef gewerk het, 'n man, en eenvoudig die lewe van Christus getipeer het, perfek. Hoe, Dawid, die Seun van Dawid het op dieselfde berg gesit. Toe Dawid verwerp is as koning en opgegaan het oor die heuwel, Olyfberg, teruggekyk en gehuil het as 'n verwerpte koning; 'n paar honderd jaar daarna het die Seun van Dawid dieselfde heuwel geklim as 'n verwerpte Koning, en gehuil oor Jerusalem. Die Gees in tipe en vorm. O!

43 Dan kan julle die groot Pinksterkerk in hierdie laaste dag sien? Kan julle sien hoe God dit ingehuldig het by die Pinksterdag? Daardie Gees behoort in die Kerk te bly deur alle eeue.

Hulle het formeel en onverskillig geword. Hulle moes 'n denominasie hê. Hulle moes kerk en staat saam verenig, en hulle het dit uiteindelik gedoen en honderde jare van vervolging veroorsaak. Dan, die Hervorming, het hulle uitgekom. En elke jaar het hulle afgesny van die Gees en toegevoeg tot die natuurlike, af van die Gees en toegevoeg tot die natuurlike, totdat hulle nou net gereed is om dit weer te doen. Ons lewe in hierdie laaste sluitingsure, die voleinding van die kerk. Ons is in die Filadelfia … of die Laodicése Kerkeeu.

44 Nou, die 1ste hoofstuk, 1ste vers, is voorgestel aan—aan Johannes. Nou, wie is die skrywer? Johannes. Johannes. Dit was nie 'n openbaring van Johannes nie, en ons weet dit was nie, want dit was die Openbaring van die Here Jesus Christus. Hy was dit, hy was gekies vir 'n dissipel. En die Boek Self openbaar die ding wat dit was, Jesus Christus, aan wie Hy geopenbaar het.

En dit is gestuur na die … "En het dit deur sy engel aan Johannes te kenne gegee." Ons weet nie wie die engel was nie. Die Bybel sê nie wie die engel was nie. Maar ons weet dat dit 'n profeet was, want die Bybel het later gesê, dat: "Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge te getuig wat binnekort moet gebeur."

45 Dan vind ons uit dat toe Johannes die engel begin aanbid het, het die engel gesê: "Sorg dat julle dit nie doen nie." Openbaring 22, glo ek is dit. En hy het gesê: "Want ek is van jou medewerkers en van die profete." Dit mag Elía gewees het. Dit mag een van die profete gewees het. Johannes was 'n apostel. Maar hierdie profeet is gestuur.

En Johannes, as 'n apostel, kyk na die aard van die res van sy briewe, bewys dat dit nie Johannes was wat dit geskryf het nie, want dit het geen natuur soos Johannes nie. Neem Eerste Johannes, Tweede Johannes, ensovoorts, en lees dit. En kyk na die aard daarvan, kyk dan na die aard hiervan. Johannes was 'n skrywer en was 'n apostel, maar dit is die gees van 'n profeet. Dis 'n ander persoon, geheel en al. Sien? Was nie Johannes se geskrif nie. Was nie Johannes se openbaring nie. Dit was God se Openbaring van Jesus Christus aan die kerke. En dit het … Johannes was net 'n skrywer, die skrywer, en —en die Boek verklaar dieselfde.

Nou, dit was nie aan Johannes gerig nie. Dit was aan die Kerk gerig. Goed. Johannes, op daardie tyd, was die pastoor van die Efésiese kerk. En nou is die Boek gerig aan Johannes … of aan die kerk, nie aan Johannes nie.

46 Nou die 3de vers, kondig Hy die seëning aan. Luister hierna.

> *Welgeluksalig is hy wat lees en die wat die woorde van hierdie profesie hoor, en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.*

Watter tyd is op hande? Die tyd wat hierdie dinge plaasvind, wanneer hierdie Openbaring van Jesus Christus voltooi is in elke kerkeeu.

Nou die rede waarom Hy dit so geskryf het. As hy sou gesê het: "Wel, nou, Hy …" Hulle het na Hom gesoek om; as dit geopenbaar was, as Hy … dit aan Johannes geopenbaar sou gewees het, dat Hy sou kom sodra daardie kerke daar klaar was. Dis hoe Johannes dit gedink het. Maar as dit was, daardie kerke, sodra hulle klaar was, het hulle gekom … As hy geweet het, as dit aan hom geopenbaar was daar sou sewe lang kerkeeue wees, etlike duisende jare, of etlike honderde jare, dan sou daar geen rede wees om te wag nie. Hulle sou net hulle kerkeeu uitleef.

Daarom, God het dit gespreek, en dit was nie aan hulle geopenbaar nie. Dit was nie geopenbaar aan Martin Luther, die dinge wat John Wesley van die Skrif geweet het nie. Dit word nie aan die Baptiste geopenbaar wat die Pinksters van die Skrif weet nie, want dis in 'n ander eeu. Dis 'n ander tyd. En God openbaar Sy dinge net in die seisoen. O!

Jy kan nie mielies in die lentetyd plant en terselfdertyd maai nie. Jy plant 'n saad en dit groei tot volwassenheid. God plant Sy Woord en dan groei Dit reg uit. En dan kyk ons terug en sê: "Daar was dit." Wel, sekerlik, ons sien Dit nadat Dit geopenbaar is.

47 Nou: "Geseënd," die Woord, die aankondiging van die seëning, op die 3de vers: "aan hulle wat sy verborgenhede lees of hoor."

Maak … die vleeslike verstand vermy dit, want die vleeslike verstand weet niks daarvan nie. Geen wonder die vleeslike verstand weet dit nie, want dis Satan in daardie vleeslike verstand. En Satan word ontbloot, en Satan wil homself nie ontbloot hê nie.

Julle let op hoe verskriklik dit vir Satan is wanneer hy dink hy gaan blootgestel word? Kyk in een van die dienste. Kyk na die optrede van die mense. Hou dop in die diens. Net voor Satan blootgestel gaan word oor 'n sekere persoon, sou jy hulle gesig sien verander. Julle sien, hulle weet nie wat om te dink nie. Ewe skielik kom die Heilige Gees af en ontbloot daardie duiwel. O! Hy haat daardie soort byeenkoms. Dis waarom ons so 'n stryd gehad het, want die Woord van God ontbloot die duiwel. Sien? Dit sê wat hy is.

48 Soos wanneer jy sê: "Hierdie vrou wat hier sit," onder die inspirasie van die Heilige Gees, sê: "haar naam is Mejuffrou Jones. Sy kom van *So-en-so*." Wat doen dit? Dit tel haar gees op, bring dit op na 'n plek.

"Hoe ken jy my? Daardie man ken my nie, so dit moet een of ander gees wees. Watter soort gees is dit?"

"Dis die Gees van God."

"Hoe? Wat makeer my?"

"Jy het tuberkulose, kanker," wat dit ook al is: "maar SO SPREEK DIE HERE …" "O!"

O, hoe haat Satan dit nie, want Dit ontbloot hom.

Nou, die vleeslike verstand kyk daarna, sê: "Gedagtelees, geestelike telepatie." Hulle weet nie. Dis dwaas vir hulle.

Maar aan diegene wat weet wat Dit is, o, watter seëning! Wat is dit? 'n Openbaring. 'n Openbaring van wie? Van die man op die preekstoel? Van Jesus Christus in hierdie laaste kerkeeu, wat Homself openbaar soos Hy belowe het Hy sou doen. Sien?

Dis 'n openbaring, sien, en Satan haat dit. Goeiste, hoe haat hy dit! Hy's ontbloot, ontbloot sy plan. Satan haat die Openbaring en Génesis, wat ek hier neergeskryf het. Dit is presies waar.

Nou, waarom haat hy 'n openbaring? Waarom is hy so teen openbaring? Is omdat die hele kanon van God se Woord en God se Kerk plegtig gebou is op openbaring.

Dit sal nooit deur 'n —'n skool wees nie, maak nie saak hoeveel goeie kweekskole ons het nie. Hulle

is ver terug in die verdoofde eeu. Die Bybel en die Kerk is absoluut 'n openbaring.

49 Laat ons blaai. Ek het 'n paar Skrifte hier neergeskryf, Matthéüs, die—die 16de hoofstuk en die 18de vers. Laat ons net 'n bietjie kyk—bietjie kyk na Matthéüs 16:18, kyk waar die Skrifte is, waar dit die openbaring is. Kom af van die berg, die 17de vers.

> *En Jesus antwoord en sê vir hom: Geseënd is jy, Simon Bar-jona, want vlees en bloed het dit aan jou nie geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.*

> *En Ek sê ... ook vir jou, ... jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.*

50 Nou, die Katolieke kerk sê: "Hy het dit op Petrus gebou." Wel, dit, dis regtig vleeslike denke. Jy sou jou nie kon voorstel dat 'n geestelike verstand so iets soos dit begryp nie; as God, met Sy Eie Seun wat daar staan, en tog Sy Kerk sou bou op 'n gewone, ordinêre, sonde-gebore man. Die man het dit bewys. Hy, met daardie selfde gees op hom, hy het Jesus vervloek en Hom reg in Sy gesig verloën. Dit was nie Petrus nie.

Of, ook was dit nie 'n—'n rots wat daar gelê het, soos sommige kerke beweer dit was nie. Was nie 'n rots nie. Want, Petrus …

Die rots waarvan Hy daar gepraat het, was nie Petrus nie, ook was dit nie Hyself nie.

Nou, baie van die Protestantse mense probeer sê: "Dit was Jesus. Dit was Hy waarop Hy die Kerk gebou het. Hy!" Nee, dis steeds verkeerd. As julle oplet, dit was nie Jesus nie, ook nie Petrus nie. Dit was die openbaring.

> *… vlees en bloed het dit nie aan julle geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is*, het hierdie openbaring gedoen.

51 Kyk. Ek wil julle vra. In die tuin van Eden was daar geen Skrifte geskryf nie. En toe die twee seuns, Kain en Abel, en hulle wou albei 'n offerhande maak en guns by God vind. Toe hulle dit gedoen het, het Kain gekom en 'n altaar gebou; Abel het 'n altaar gebou. Wel, as dit al is wat God vereis, sou God onregverdig wees om Kain te veroordeel. Goed. Toe het Kain 'n offer gemaak; so het Abel ook. Albei van hulle het 'n offer gemaak. Kain het aanbid, en so het Abel ook. Kain het alles gedoen wat Abel gedoen het.

So as kerktoe gaan, behoort aan kerk, offerhandes maak, en bid, en God aanbid, is al wat God vereis, dan sou God onregverdig wees om Kain te veroordeel omdat hy presies gedoen het wat Hy gesê het om te doen.

52 Maar, julle sien, Abel, deur 'n openbaring, het hy geweet dat dit nie vrugte was wat hulle uit die tuin van Eden gebring het, soos baie vleeslike denke vandag dink nie. En Abel het gekom en die vrugte van die land geoffer, en God het dit geweier, maar dit was geopenbaar … Ek bedoel, Kain het, verskoon my. Kain het die vrugte van die land geoffer, want hy het gedink dis wat hulle uit die tuin van Eden gebring het. Kyk na daardie openbaring. Kyk na die onenigheid daarmee. Kyk hoe dit vandag seermaak. Maar dit was nie vrugte wat hulle uitgebring het nie. Eva het nooit enige appels geëet nie. Sekerlik. Hoe het sy besef sy was naak, as sy appel geëet het? Dit het betrekking gehad op die seksuele lewe. Moes!

53 Nou, ons neem dit as 'n studie, en ons het, kom terug daarin. Hulle het nie een Skrif nie.

Party van hulle sê: "Wel, sy het gesê: 'ek het 'n seun van die Here gekry.'" Ja, meneer. So het die prostituut ook. God moet alle lewe maak.

Maar dis 'n verdraaide lewe. Kyk na die aard van daardie seun. Hy was van sy pappa, die duiwel; haat, gemeen, moordenaar. Sien?

En dan hoe, Abel, toe hulle … sy ouers het hom waarskynlik gesê dat—dat die bome vrugte daaraan gehad het, ensovoorts. Maar, dit was geopenbaar aan Abel. Abel het gegaan en 'n lam gekry, vir bloed, die lewe geneem. Nie 'n vrugteboom wat appels en piesangs en pere voortbring nie. "Maar Abel, deur 'n geestelike openbaring," Hebreërs 11, "het aan God 'n beter offerhande geoffer. God getuig daarvan, want dit is aan hom geopenbaar deur geloof."

54 Dis waar God Sy Kerk gebou het. "Want vlees en bloed het dit nooit aan jou geopenbaar nie." Het Dit nooit in 'n kweekskool geleer nie. Iemand het Dit nooit êrens vir jou geleer nie. "Maar my Vader wat in die hemel is, het Dit aan jou geopenbaar." Daar, die hele ding is op openbaring, die hele Kerk: "Op hierdie rots van Openbaring van Jesus Christus, sal Ek my kerk bou."

Jy mag neem wat die pastoor sê. Julle mag neem wat die kweekskool leer. Jy mag neem wat die kerk sê. En tog is dit nie reg nie. Jy mag in staat wees om dit met welsprekendheid te verduidelik. Maar

totdat God aan jou geopenbaar het dat Jesus Christus Sy Seun is, en jy gered is deur Sy Bloed; op daardie openbaring, dat: "Hy is my Verlosser."

"Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel kan nie oorwin nie."

55 So dan sien julle waarom Satan so teen die Boek van Openbaring is. Enigiets wat geopenbaar is, geestelike openbaring, Satan is daarteen. Dis waarom hy vandag so teen die bediening is. Want, wat is dit? Die openbaring van Christus.

Laat die kerk voortgaan met sy groot denominasies en organisasies, en sy fleurige boodskappe, ensovoorts. Laat hulle voortgaan, Satan sal dit nie hinder nie. Hulle het geen probleme nie. Almal klop hulle op die skouer.

Wanneer daar 'n tyd kom dat God, deur die Heilige Gees, Christus openbaar in die Kerk, met die krag en demonstrasies om die siekes te genees, en die tekens te maak wat Hy gesê het die gelowiges sou volg, sal gebeur, dan draai Satan om in sy bed. Hy doen iets daaromtrent. Tot daardie tyd gee Satan nie om hoeveel kerk jy by aansluit nie. Hy gee nie om hoeveel nie. Maar wanneer Christus aan julle openbaar dat Hy die Seun van God is, en die werke wat Hy gedoen het, julle ook doen; nie sommige ander werke nie, maar dieselfde werke.

56 "Hy wat in My glo …" Johannes 14:7. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen. Doen dieselfde werke, en groter as hierdie." Want Christus kon nie die doop van die Heilige Gees verkondig nie, sou groter wees. Hy kon dit nie vir hulle bring nie, want die Heilige Gees was nog nie gegee nie. Maar toe Jesus gekom het en Sy Lewe geoffer het, en die Heilige Gees teruggekeer het, dan kon hulle Ewige Lewe aan die mense oordra. Dis die "groter."

Maar die tekens en wonders, Jesus het duidelik gesê, in Markus 16: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan elke skepsel." Hoe ver? Die hele wêreld. Hoeveel? Elke skepsel. Solank as die Evangelie verkondig word, sal hierdie tekens hulle volg wat glo. En wanneer dit 'n openbaring word, broer, is jy dan naby die Koninkryk. "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel kan nie daarteen standhou nie."

Want, die man of die vrou wat ooit in daardie destydse woestyn alleen was, soos Moses was, en die openbaring van God aan hom gemanifesteer word deur die Heilige Gees, is daar niks wat hom kan skud nie. Hy is net so gegrond en solied as wat hy kan wees.

Satan haat Openbaring. Hy hou glad nie daarvan nie; krap sy planne om.

57 Die aard van die Boek wys dat Johannes dit nie geskryf het nie. Dis reg. Want hulle is—hulle is vir ander … Hulle is sy geskrif, maar nie sy inspirasie nie. Dis God se inspirasie wat die Boek skryf. Goed.

Laat ons nou sien wat dit sê.

> *Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.*

Nou: "Tyd is naby." Wat? Wanneer die volledige Openbaring van Jesus Christus bekend gemaak is aan Sy kerke. En soos die eeue verbygaan, word dit net aan hulle geopenbaar.

58 Nou is ons reg by die endtyd, so nou is ons regtig aan die einde van die wêreld. Ons is by die voleinding van die wêreld se geskiedenis. En voor hierdie week verby is, en God met ons is, ons help, sal ons bewys dat ons by die voleinding van die kerkeeue is. Ons is in die Filadel- … of die Laodicése Kerkeeu, die voleinding van alle eeue. Ons is by die voleinding van die politieke wêreld. Ons is by die voleinding van die—van die natuurlike wêreld. Ons is by die voleinding van alle dinge. Ons is aan die einde van elke natuurlike ding, gereed om in te gaan.

59 Toe ek gekom het die ander dag, ek glo ek het na Shreveport gegaan, of iewers gekom. Ek het gekyk. Ek het gesê: "Die bome is sterwend. Die gras vrek. Die blomme is sterwend. Ek is sterwend. Die wêreld is sterwend. Alles is sterwend. Alles in hierdie wêreld is sterwend." Ons sit vanmôre hier, sterwend.

Sekerlik is daar 'n wêreld iewers waar alles nie sterf nie. As daar een is waar alles sterwend is, moet daar een wees waar alles lewe. Dis waarna ons verlang, om by daardie plek te kom waar daar … die onsterflike bome staan. O, waar alles onsterflik is en dit staan in die—in die heerlikheid van God.

60 Nou, nou, die eerste drie verse wat ons nou gehad het, lê die agtergrond. 1ste: "Die Openbaring van Jesus Christus." Die 2de: "Dit is aan Johannes gegee deur 'n engel." En 3de, is: "Geseënd, die seën vir hulle wat lees, en," as jy nie kan lees nie: "geseënd is hy wat hoor." Jy kan nie lees nie? Jy hoor Dit net. Dis al. "Salig is hy wat lees, en," as jy nie kan lees nie: "salig is hy wat hoor, want die tyd is op hande."

Nou, stel jou voor wat die kanon hiervan beteken, is dat, Johannes, die skrywer daar, wat dit uitgeskryf het, was … *Hierdie* is Johannes hier, sê net "seëninge", ensovoorts. Nou, wat ek dink dit was, in die Ou Testament het die priester opgestaan in die oggend en die Skrifte gelees. Die gemeente het geluister. Baie kon nie lees nie. So hy het gesê: "Salig is hy wat lees, en hy wat hoor." Sien? Die leser en die hoorder; die een wat lees, en hoor, is geseënd. So as jy net sit en daarna luister, is jy geseënd. "Salig is hy wat lees, en hy wat hoor, want die tyd is naby."

61 Nou, van 4 tot 6 is 'n saluut vir die Kerk. Nou ons wil hierdie 4de en 6de aanpak.

Nou, voor ons dit tref, wil ek hê almal moet nou hard dink. Wat is Dit nou? Dit is die openbaring van Jesus Christus, waar God die sluier van die tyd afgehaal het. *Hier* is tyd, dat Jesus nie kon sien toe Hy hier op aarde was, die kerkeeue, wat sou plaasvind nie. So, God het die sluier weggeneem, dit teruggetrek, en Johannes laat inkyk en sien wat elke kerkeeu gaan doen, en dit in 'n boek geskryf en dit na die sewe kerke gestuur.

Wat is dit? Christus geopenbaar in die dae van Sy—Sy aksie. Die Boek is vol aksie. En dis 'n—'n profetiese Boek wat Christus gegee het, wat God vir ons gegee het deur Sy engel, geskryf deur Johannes. En 'n seëning vir almal wat Dit sal lees of Dit gelees hoor, want die—want die tyd is op hande wanneer dit alles vervul is.

62 Het nou 'n goeie opset. En onthou, ons hou die Kerk in gedagte. Aan die een kant het die Kerk begin; aan die ander kant eindig die kerk. Meer daaroor Maandagaand wanneer ons die kerkeeue tref.

> *Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is,*

Nou gaan ons in die geheimsinnige en diep dele van die simbole. Dit is gerig aan die sewe kerke wat in Klein-Asië is. Hulle het—hulle het … Die—die eeue, op daardie tyd, sou in die toekoms kom. En hy het hulle verhef en—en hulle geprys vir hulle werk en wat hulle gedoen het. Maar nou is dit gerig aan daardie kerke, die sewe kerke wat in Klein-Asië is.

63 Nou, Klein-Asië was nie die hele Asië, die vasteland van Asië nie. Dit was net 'n klein deeltjie. Hulle beweer 'n plek omtrent die grootte van die staat van Pennsilvanië, sien, of so iets, of Indiana; net 'n klein plekkie waar hierdie sewe kerke gesit het. Daar was meer as daardie kerke in die tyd. En, maar, dit het hulle karakter geopenbaar. Nou ek lees hier wat ek gekry het uit my lees uit die geskiedenis daarvan.

"En hy is … Vervloek is hy wat hoor en, of, en nie Daarna luister nie."

En—en nou, dit kom in die tyd van hierdie 4de vers waar ons iets hier wil verduidelik. "Van Hom wat was, en wat is, en wat kom, en die sewe Geeste het; van die sewe Geeste wat voor Sy troon is." Nou: "Die Geeste," ons sal later by hulle uitkom.

Nou, hier druk dit uit, as julle sal oplet daarin—daarin. Ook in die 7de vers, of die 8ste vers, kom Hy weer en sê weer uitdruklik. Nou kyk. Die sewe kerke word aangespreek. "Van Hom wat is, wat was, en wat kom. Wat eenkeer was; nou is; en wat kom." Nou, Hy druk hier Sy drievoudige, Sy drievoudige manifestasie van Sy werk uit.

64 Nou as julle die 8ste vers sal neem. Ons sal daarby kom, net binne 'n oomblik. Ons sal die 8ste vers neem.

> *Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.*

Nou hou ons die 4de en die 6de vers in sig, albei van hulle is dieselfde. Een, Hy sê: "Aan Hy wat was, wat is, wat moet kom." Wat probeer Hy voor die Kerk sit? Sy Godheid. Vandag probeer mense om Hom 'n—'n profeet te maak. Hy's meer as 'n profeet. En party mense probeer Hom drie Gode maak. Hy is nie drie Gode nie. Hy is een God wat in drie ampte gelewe het, drie manifestasies van dieselfde God.

65 Nou, onthou, hierdie is die Openbaring: "En wie ook al dit hoor en nie die woorde van hierdie boek bewaar nie, sy deel sal weggeneem word uit die boek van die lewe." Jesus openbaar Homself nie as drie Gode nie, maar een God en drie ampte. O! Dit gaan ryk word na 'n ruk, wanneer ons in daardie kerkeeue kom en sien waar hulle dit verloor het. Dit het 'n groot skeuring veroorsaak by die Niceense Raad. Albei van hulle het aan diepkante afgegaan.

En hulle het weer dieselfde ding gedoen in hierdie laaste dae, net soos 'n pre-Niceense Raad, want daar sal nog een wees. Net so seker as wat ek hier staan, die Katolieke en Protestantse kerke sal iets saam verenig, of met mekaar saamstem. Kyk nou na die aartsbiskop van Kantelberg. Dit alles hoop reg saam op. En daar is nie 'n drie-enige God lering in die Bybel nie. Daar's een God.

En dis geopenbaar hier in die Boek van Openbaring, dat die hele kanon van Skrifte hier bewys mag

word, en Christus het Sy seël daarop gesit. Dit is Dit. As iemand wegneem of byvoeg, sal dieselfde uit die Boek van die Lewe geneem word, vir hom. So benader dit nie selfsugtig nie, benader dit met 'n oop hart en 'n oop gemoed.

66 Nou, by die Niceense Raad het hulle tot twee groot besluite gekom. Op die … O, baie van hulle in daardie dag van die vroeë kerkvaders, hulle het twee uiterste sienings gehad. Een van hulle was 'n drie-enige God, 'n trinitariër. En die ander een was 'n—'n een God. En hulle het albei ontstaan en op twee reguit takke uitgegaan, uit soos *dit*. Die drie-eenheid het 'n plek geword van 'n drie-god persoon. Die eenheid het 'n eenheidsman geword, net so verkeerd as wat die ander een was. So hulle het albei op takke gegaan, maar reg *Hierin* openbaar die Waarheid.

Jesus kon nie Sy eie Vader wees nie. Ook nie as Hy 'n vader gehad het buite die Heilige Gees, dan is Hy 'n buite-egtelike kind. En nie … Die Heilige Gees het Hom verwek en Hy het gesê God was Sy Vader. So die Heilige Gees en God … Dis Matthéüs 1:18. As … Die Heilige Gees en God moet dieselfde Persoon wees, of Hy het twee pappa's gehad. En Hy is *Emmanuel* genoem, wat is: "God met ons." Hy het beweer, toe Hy hier op aarde was, dat Hy en die Vader Een was.

Ek het al die Skrifte hier uitgeskryf sodat julle kon vind, as ons hierdie—hierdie vraag sou hê, of iets.

67 Nou, toe Hy hier gemanifesteer is as die drievoudige amp van Sy wese: "Hy wat was, Hy wat is, Hy wat sal kom, die Almagtige," nou, daar's geen drie Gode daar nie; daar's een God.

En in die Niceense Raad, om dit te doen, ten einde dit te doen, moes hulle 'n drie-eenheid neem, want in die Romeinse wêreld het hulle baie gode gehad. Hulle het gebid tot hulle dooie voorvaders. Ek het die geskiedenis net hier waar ons dit kan aanhaal. Sien? Hulle het gebid tot hulle dooie voorvaders. Dis die rede waarom hulle Sint Cecelia het, en Sint Markus, en heilige, heilige, heilige, heilige, heilige, heilige.

Terwyl Apostel Petrus gesê het: "Daar is geen ander middelaar tussen God en mense nie, behalwe daardie Man Christus Jesus." Een.

68 Hulle moes 'n trinitariese god hê. So, hulle—hulle het Jupiter, Mars, Venus gehad. "En dit was nie reg nie, sit dit alles op een God," so hulle het dit net verdeel, en het drievoudige ampte van God gemaak om drie verskillende Gode te wees.

Maar Hy sê duidelik hier in die Openbaring Wie Hy is. "Ek is Hy wat was, Hy wat is, en Hy wat moet kom, die Almagtige." Ons sal Dit 'n bietjie later hier kry, Hy het gesê: "Ek is Alfa en Oméga," A tot Z, die hele, daardie Griekse alfabet. "Die Lelie van die Dale, die Roos van Saron; Vader, Seun, Heilige Gees; Hy wat was, wat is, en sal kom; die Wortel en Nageslag van Dawid." Hy is God, God. "Son- …" Een Timótheüs 3:16: "Sonder weerspreking, groot is die verborgenheid van die godsaligheid; want God is geopenbaar in vlees, gesien deur Engele, geglo in die wêreld, opgeneem in Heerlikheid." God! Nie 'n derde persoon of 'n profeet nie, maar God Self, gemanifesteer in menslike vorm. Nou, hierdie is 'n openbaring, onthou.

69 Nou, God, aan die begin, was die groot Jehova wat in 'n Vuurkolom gelewe het, bokant Israel gehang het, en hulle gelei het. Dit was God, die Engel van die Verbond. Kom af op die berg; die hele berg het aan die Brand geslaan. Vuur het van die berg af gevlieg en die Tien Gebooie geskryf. Hy was genoem "die Vaderskap van God," vir Sy kinders, Sy uitverkore ras van mense, die Jode.

Toe is daardie selfde God gemanifesteer in 'n maagdelik-gebore liggaam wat Hy geskep het in die skoot van Maria, en het gelewe en getabernakel en Sy tent uitgestrek, as't ware, onder mense. En daardie selfde God het vlees geword en onder ons gewoon. Die Bybel het so gesê. "God was in Christus." Die liggaam was Jesus. Jesus: "In Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon." Kan Hom nou nie drie mense maak nie. Moenie doop tot drie Gode nie. Daar's een God. Sien? Een God. Nou, hierdie selfde God het vlees geword.

Hy het gesê: "Ek het van God gekom, en ek gaan na God toe."

70 Nadat Hy van die aarde verdwyn het, deur Sy dood, begrafnis, en opstanding, en hemelvaart, het Paulus Hom ontmoet op die pad af na Damaskus toe hy nog "Saul" genoem was. En 'n Stem het gekom, en gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus."

En Hy was 'n Vuurkolom, 'n Lig wat die oë van die apostel verblind het. Hy het teruggedraai. Dieselfde Jesus het weer teruggedraai na God, die Vader. Dis waarom Hy hier gesê het: "Ek is die Almagtige," in dieselfde vorm wat Hy was voor Hy vlees geword het; en Sy liggaam waarin Hy geleef het, het Jesus genoem, die Man wat ons ken, Jesus.

71 Nou, soos baie van julle dierbare eenheid mense doop in: "Naam van Jesus," julle is verkeerd. Daar is honderde Jesusse in die wêreld vandag, maar daar is net een Here Jesus Christus. Hy is 'n Christus gebore. Baie Jesusse. Ek het baie van hulle ontmoet. Maar daar's een Here Jesus Christus, Hy's God.

En Vader, Seun, en Heilige Gees is nie name nie. Hulle is titels wat na een Naam gaan. Hulle doop: "Die naam van 'Vader, Seun, Heilige Gees.'" *Vader* is nie 'n naam nie, en *Seun* is nie 'n naam nie, en *Heilige Gees* is nie 'n naam nie. Dis 'n titel, soos "mens." Dis wat dit is, die Heilige Gees. 'n Mens … Of, 'n gees, Heilige Gees. Sê dan: "In die naam van die 'Vader.'" Kyk na die vaders en julle seuns se seuns. Kyk na die mense hierbinne. Sien? "Vader, Seun, en Heilige Gees" is nie 'n naam nie. Dis 'n titel wat gaan na die Naam van die "Here Jesus Christus."

72 Dis hoe die apostoliese Kerk gedoop het, in die begin. En ek sal enigiemand vra om een teks van die Skrif te produseer, of een keer in die geskiedenis, dat enigeen ooit gedoop is in die Christelike Kerk op enige ander manier as in … maar in die Naam van "Jesus Christus" totdat die Katolieke kerk gevorm is. En hulle het "Vader, Seun, en Heilige Gees" aangeneem as 'n geloofsbelydenis. Bring nou julle geskiedenis na vore, sommige, die historici. Ja. Daar is nie so iets nie. Na 304 n.C., 304, kom die drie-enige doop vir 'n drie-enige God: "God die Vader, God die Seun, God die Heilige Gees." Dis heidendom.

Voor hierdie week verby is, sal ek dit uit die boeke lees en julle deur die Bybel wys. Ons praat vanmôre oor die Openbaring en bewys waar dit ingekom het, en hoe dit begin bestaan het. Terug na die Waarheid, broer! Ons is in die laaste dag.

Wag totdat ons daardie Efésiese kerk kry en tipeer met die Laodicése, en kyk wat tussen hulle gebeur het. Julle sal sien hoe daardie ding ingekruip het. Gekom in die eeu van Luther, het gesê: "Jy het 'n naam dat jy 'lewe', maar jy's dood." Die einste woord *Sardis* beteken "dood." Hulle het dit verloor in die vyftienhonderd jaar van Donker Eeue. Elkeen van daardie kerke het dit gehou tot daardie tyd. Toe, toe hulle die Niceense Raad gehad het in 606, en toe het hulle daardie Naam afgebreek en drie Gode Daaruit gemaak.

73 Hy het hier gesê: "Ek is Hy wat was, Hy wat is, en sal kom, die Almagtige." Sekerlik.

Hy het 'n drievoudige Wese op die aarde gehad. Toe Hy op aarde was, was Hy 'n drievoudige Wese. Op aarde was Hy 'n Profeet. Hy's ook in die Hemel, 'n Priester. En wanneer Hy weer terugkom na die aarde, sal Hy 'n Koning wees. Profeet, Priester, en Koning. Hy wat was, wat is, en sal kom. "Hy wat was," was Jesus, 'n profeet. "Hy wat nou was," is 'n Priester, wat geestelike offerhandes maak, 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, en Homself openbaar en bewys dat Hy in ons midde is. Profeet, Priester, en Koning, maar Een God.

74 Toe Hy op aarde was, was Hy 'n Profeet, die Woord. "Die getroue getuie," noem die Bybel Hom, 'n bietjie later. 'n Getroue getuie, is die profeet. Hy was Priester, en toe … Hy is nou Priester, en wanneer Hy kom, sal Hy Koning wees.

As julle daarby kom, lees Openbaring 15:3, kan julle sien in Openbaring 15:3. Laat ons hier omblaai en kyk wat Hy … as Hy Koning gaan wees, of Hy Koning is wanneer Hy kom. Nou gaan ons na Openbaring, die 15de hoofstuk en die—die 3de vers.

> *En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!*

75 Wat was Hy op aarde? Profeet. Hoe het die mense geweet Hy was 'n Profeet? Hy het die teken van die Messias gedoen, wat 'n Profeet was. O, geseënd sy die Naam van die Here! Hoe het hulle Hom gemis? Omdat hulle na iets anders gesoek het. En Hy het die teken van die Messias gedoen, en hulle wou dit nie hoor nie. Hy was 'n Profeet.

Moses het gesê: "Die Here jou God sal 'n Profeet soos ek oprig. Dit sal gebeur as hulle nie hierdie Profeet wil hoor nie, dat hulle afgesny sal word van onder die mense."

Hy was 'n Profeet op aarde, nou, omdat Hy wat was? "Die getroue getuie van God se Woord." Amen. Hy was God se Woord wat gemanifesteer is.

Johannes, die 1ste hoofstuk.

> *In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.*
>
> *En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon …*

Hy was die ware en getroue getuie van God se Ewige Woord. Hy was die Woord, was God se Woord. En as die Woord, was Hy 'n Profeet. Want die Woord van God het deur Hom gevloei. Hy moes net die Ding sê. "Ek kan niks uit Myself doen nie, behalwe wat die Vader My wys om te doen. Nie Ek wat die

werke doen nie. Maar die Vader wat in My woon, Hy doen die werke. Ek en My Vader is Een. My Vader is in My," het Jesus gesê, die Man, die Tabernakel.

76 God het baie titels: Jehova, Jehova-Jireh, -Rapha, -Manasse. O, baie! Hy het sewe saamgestelde, verlossingsname. Hy het baie titels: Roos van Saron, Lelie van die Dale, Môrester; Vader, Seun, Heilige Gees. Dit alles. Maar Hy het een menslike Naam. God het net een Naam gehad, en dit was "die Here Jesus Christus."

Toe Hy gebore is, Christus, die Here. Agt dae later het die Heilige Gees Sy Naam "Jesus" genoem. Sy moeder het Hom laat besny en het Hom "Jesus" genoem. Hy is die Christus gebore.

Soos, ek is 'n Branham gebore. Ek was 'n Branham toe ek gebore is en was die naam gegee van "William."

Amen. En Hy is Christus gebore, die Verlosser. En toe Hy agt dae oud was, is Hy die naam van "Jesus" gegee. En Hy was die Here van Heerlikheid, gemanifesteer. So, Hy is die Here Jesus Christus, die God van Heerlikheid gemanifesteer onder ons. O, daar is Hy!

77 Op aarde was Hy die Profeet. In Heerlikheid, is Hy die Priester. Wanneer Hy kom, is Hy die Koning. O! Ek hou daarvan.

Profeet: "Getroue getuienis van die Woord."

Priester: "Met Sy Eie Bloed voor God."

Koning: "Koning van heiliges." Nie koning van die wêreld nie, nou. Hy is Koning van heiliges. Ons het aardse konings oor daardie mense. Maar ons het 'n Koning ook, en 'n Koninkryk. Dis waarom ons anders optree.

Soos ek gesê het nie lank gelede nie, oor my vrou, ons het na die winkel gegaan hierbo en ons het 'n wonderwerk gesien, amper. Dit was somertyd, 'n vrou het 'n rok aangehad. En ek het gesê: "Dis 'n vreemde ding." Ek het gesê: "As ek my kamera gehad het, sou ek die dame se foto neem." Sien? Omdat ons … Dit was die eerste vrou wat ons gesien het met 'n romp aan, julle weet, aangetrek soos 'n dame behoort te wees, alle vroue.

Sy het gesê: "Wel, waarom is dit, Bill, dat ons mense aantrek, is dit wat ons—ons beveel word?"

Ek het gesê: "Dis nie ons mense nie. Dis God se mense. God se mense vereis heiligheid."

Gesê: "Wel, gaan hulle nie kerk toe nie?"

Ek het gesê: "Daar is 'n dame net *daar*, wat in die koor by 'n sekere kerk hier sing."

"Wel, dan, hoekom dit?"

Ek het gesê: "Omdat sy nie anders geleer word nie." Dis presies reg.

78 Dis daardie kerk vleeslik, ons sal in hierdie week daarop ingaan; Kerk geestelik, kerk vleeslik. Hulle dryf almal reg terug na die mammie kerk, soos die Bybel gesê het, in Openbaring 17, hulle sou dit doen. Hulle keer nou terug, almal van hulle, tree so op, organiseer. "Wel, ons is 'n *sekere* … Ons organiseer. Ons is *dit* en ons is *dat*." Dit was nie so aan die begin nie. Neem al die mag uit die kerk en plaas dit op 'n biskop of 'n pous. God is in Sy Kerk, onder Sy mense, manifesteer Homself deur die lekedom en oral, nou. Maar in hierdie dag …

Sy het gesê: "Wel, is ons nie Amerikaners nie?"

Ek het gesê: "Nee. Ons woon hier, maar ons is nie Amerikaners nie. Ons is Christene. Ons Koninkryk is van Bo."

79 En as ons lewens van Daarbo kom, dan tree ons so op. Want, ons kom … Ons Lewe is van 'n heilige Plek. Dit lyk anders. Dit trek anders aan. Die vroue Daarbo het lang hare. En hulle dra nie manikuur op hulle gesig nie. En—en hulle dra nie kortbroeke nie. Hulle—hulle dra rompe, en lang klede en rokke. En hulle het lang hare, en dinge. So die—die aard daarvan, van Daarbo af, reflekteer terug op ons.

Die mans rook nie, pruim, lieg, steel nie. Hulle kom, hulle geeste, kom van 'n heilige Plek, laat hulle heilig optree, herken mekaar as broers. Uh-huh. Dis dit.

Ons is van 'n Koninkryk, en ons het 'n Koning. En Hy is die Koning van heiliges. En die woord *heilige* kom van die woord van die "geheiligdes." Dan wanneer 'n persoon geheilig is, beweeg Christus, die Heilige Gees, in die hart in en word Koning oor hulle. O, goeiste! Dit behoort huistoe te gaan. O! Wanneer die geheiligde voorwerp van God … Christus, die Koning, die Heilige Gees, beweeg in. En Hy … 'n Koning het Sy gebied. Amen. En jou hele wese word regeer deur die Koning van heiliges. 'n Koninkryk! Elke koninkryk

op aarde sal geskud word, afgebreek deur atoomkrag. Maar die Bybel sê: "Ons ontvang 'n Koninkryk wat nie beweeg kan word nie." Amen. Daar is Hy, die Koning van heiliges.

80 Ek wil hê julle moet oplet na die simbole van Christus, ook, in die Bybel en hier op aarde. Op die aarde, was Hy 'n Profeet. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] 'n Profeet is die Woord. Ons weet dit. Die woord *profeet* beteken "'n goddelike interpreteerder van die Woord." Die goddelike Woord is geskryf, en die profeet het die goddelike Gees van God in hom. En, julle weet, die profeet in die Ou Testament is "god" genoem. Hoeveel het dit geweet?

Jesus het gesê: "As hulle hulle gode genoem het … Is dit nie in julle wet geskryf dat hulle is nie: 'Julle is gode'? En as hulle hulle 'gode' genoem het, na wie die Woord van God gekom het, die profeet, hoe sal julle My veroordeel wanneer Ek sê Ek is die Seun van God?"

81 Want hy was "god" genoem, want hy het in hom die Woord van God gedra, SO SPREEK DIE HERE. Daarom, die woord *profeet* beteken 'n, "sy—sy interpretasie moenie vermeng word nie." Sien? As die God … Hy sê: "As daar een onder julle is wat geestelik is, of 'n profeet, sal Ek, die Here, met hom praat. As wat hy sê gebeur, luister dan na hom, want Ek is met hom. Maar as dit nie gebeur nie, moet dan nie na hom luister nie; Ek het hom nie gestuur nie." Dis hoe jy dit weet. En dan, julle sien, die goddelike interpretasie van die Woord moet saamval met hierdie laaste openbaring aan die kerk.

Hy is God, die Almagtige. Op aarde was Hy 'n Profeet, wat 'n arend is. Hoeveel weet dat 'n profeet as 'n arend beskou word? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

82 'n Arend is die sterkste voël wat ons het, magtigste. Party van hulle vlerke strek veertien voet van punt tot punt. Hy kan so hoog vlieg dat as enige ander voël hom probeer volg, sou hy disintegreer, vere sou uit hom val en hy sou uitmekaar kom. Want hoekom? Hy's spesiaal gebou. En van watter nut is dit vir hom om so hoog op te kom as hy nie kan sien wat hy doen wanneer hy daarbo is nie? Praat van 'n valkoog? Jy behoort 'n arendsoog te sien.

'n Valk kan, mag 'n hoender sien. Dis reg. Dis wat die probleem is met sommige van hierdie valke vandag. Uh-huh. Maar, ek sê julle, 'n arend gaan so, as 'n valk hom probeer volg, sou hy sterf. Hy sou versmoor. Hy kan nie in daardie sfere kom wat die arend doen nie.

En dan het hy 'n oog waarmee hy so ver kan sien wanneer hy daarbo is. So dis waarom God Sy *profete* "arende" genoem het. Hy kom daarbo, en hy's 'n arend. Hy kan baie ver sien.

83 En Christus, op aarde, was 'n Arend. Toe Hy gesterf het, was Hy 'n Priester, so dit het Hom 'n Lam gemaak. Is dit reg? [Gemeente sê: "Dis reg." — Red.] En wanneer Hy weer kom, is Hy Koning, so Hy sal 'n Leeu wees, amen, die Leeu van die stam van Juda. Amen. Hy is 'n Arend, 'n Lam, en 'n Leeu; amen; Vader, Seun, en Heilige Gees; Profeet, Priester, en Koning; Hy wat was, wat is, en sal kom; die Almagtige; Alfa en Oméga, van die begin tot die einde, die Ewige God.

84 Wil julle vra, sommige van julle kosbare Katolieke mense, wat dit noem: "Die Ewige seunskap van God; God, Ewige seunskap van Jesus Christus met God." Hoe kan julle so 'n woord sê? Ek is 'n domkop met 'n sewende-graad opleiding, maar ek weet beter as dit. Die woord seun moet 'n begin hê. So hoe kan Hy Ewig wees en 'n seun wees? Ewigheid het geen begin of einde nie. So, Hy kan nie 'n seun wees, 'n Ewige seun, en dan 'n begin hê nie, want daar is nie so iets soos 'n Ewige seun nie. 'n Seun het 'n begin gehad, so hy kan nie Ewig wees nie.

Julle sien, Hy is die Ewige God, nie die Ewige seun nie. Glorie! Die Almagtige, Jehova-jireh, Jehova-rapha, gemanifesteer in vlees: "In Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon."

85 En op die Pinksterdag, toe daardie Vuurkolom oor die mense neergedaal het, het julle opgelet, dat Dit Homself verdeel het? En Vuurtonge het op elkeen van hulle gesit. Vuur, soos tonge, sit op elkeen. Wat het God gedoen? Verdeel Homself in die Kerk, onder elkeen, gee die vroue, die mans, en almal van hulle; dit was dele van Sy Gees wat Homself verdeel het onder Sy Kerk.

Hoe kan 'n man kom en sê: "Die heilige man is die pous. Die heilige man is die biskop"? Die Heilige Man is Christus, die Heilige Gees in ons. Hoe kan jy sê die leke het geen woord om te sê nie? Elkeen van julle het iets om te sê. Elkeen van julle het 'n werk om te doen. Elkeen van julle moet 'n Boodskap dra. Glorie!

Die Heilige Gees het Homself verdeel op die Pinksterdag. God verdeel Homself. "Daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My; Ek in julle, en julle in My."

"Daardie dag," die Heilige Gees: "oor alles, in alles, deur alles." Amen. Daar is dit. Die Heilige Gees het die reg om enige plek te beweeg waar Hy wil, op enigiemand wat Hy wil. Jy hoef nie te neem wat een of ander biskop of een of ander priester sê nie. Hy is ons enigste Priester, reg, 'n Hoëpriester. Nou: Profeet, Priester, en Koning.

86 Nou:

> *En … Jesus Christus, die getroue getuie, … die eersgeborene uit die dode* … (Ons sal daarby kom.) … *en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in Sy bloed,*

Die woord *gewas*, eintlik, in die Grieks, beteken "om los te maak." Hy het ons losgemaak van ons … Ons was verbind aan die aarde deur ons sonde. Ons kon nie sien nie, kon nie hoor nie, het geen Hemel of niks gehad nie. Maar toe die Bloed afgekom het, het Dit die lyn gesny en ons is losgemaak. O!

87 Ek het eenkeer 'n storie gelees, dis … mag net hier inpas. 'n Boer het 'n kraai gevang en hy het hom vasgemaak. En hy het gesê: "Ek sal die ander kraaie 'n les leer." So hy het die ou kraai vasgemaak, en aan 'n been met 'n tou, en die arme ou ding was verhonger. Hy was so swak, hy kon skaars rondloop.

Dis hoe sommige van hierdie organisasies en kerke die mense vasgebind het. "Kan net nie! Wel, *dit* is al hoe ver jy kan gaan. Dae van wonderwerke is verby." Ja. Jy's net vasgebind. Dis al. "Daar is nie so iets soos die Heilige Gees nie. Hy praat nie in tale soos Hy altyd het nie."

Hy is God. "Hy's net dieselfde gister, vandag, en vir altyd," Hebreërs 13:8, woon in al die kerke. Ons sal daarby kom na die opset van vanmôre. Sien? Hy is God wat in elke kerkeeu lewe. Hy sal in elke kerkeeu lewe, en sal in Sy mense lewe soos … vir Ewigheid. Want ons het nou, in ons, die Ewige Lewe.

88 So, hierdie denominasie het hom vasgebind, sien: "Wel, die dae van wonderwerke is verby. Daar is nie so iets soos Goddelike genesing nie." Die arme ou kêrel het gehobbel totdat hy so swak was dat hy skaars kon loop.

En eendag het daar 'n goeie man aangekom, en hy het gesê: "Jy weet, daardie arme ou kraai, ek voel so jammer vir hom. Per slot van sake, hy kon dalk sy mielies gekry het, maar dis die enigste manier waarop hy 'n lewe maak. Hy moet iets hê om te eet. So hy het geen verskil geken nie, hy was net daar en het mielies gekry. So as …" Toe neem hy sy … en neem sy mes en sny die ou kraai los.

En julle weet, hier kom die ander kraaie, kom oor, sê: "Komaan, Johnny Crow. Laat ons Suid toe gaan. Koue weer kom."

Weet julle wat? Daardie kraai sou net so ver gaan as wat hy daar kon gaan. Hy het gesê: "Ek kan dit nie doen nie. Dis nie, dis net nie vir ons in hierdie dag nie. Ons—ons kan dit net nie doen nie." Sien? Hy was so lank vasgebind, dat hy gedink het hy was steeds vasgebind. Sien?

89 En dis die manier met 'n klomp mense, jy's vasgemaak met geloofsbelydenisse en denominasies, van die ou moederprostituut daaragter wat jou vertel, dat: "Jesus Christus is nie dieselfde nie. En daar's nie so iets soos genesing nie. Daar's geen doop van die Heilige Gees nie. Daar's niks van hierdie goed soos daardie nie." Probeer julle dit vertel. Jy was so lank vasgebind sodat jy steeds dink jy's vasgebind.

Die goeie Man, Christus, het Sy Bloed gegee dat Hy ons kan was en ons van ons sonde verlos. Wat is sonde? Ek sal enigiemand vra om vir my te sê. Wat is sonde? Sonde is "ongeloof." Dis reg. "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel."

En jou sonde is jou enigste ding wat jou daarvan weerhou om vry te wees. Dis omdat God jou losgesny het van jou ongeloof, maar jy is so gebonde aan geloofsbelydenisse dat jy steeds dink jy's gebind. Net besig om van honger dood te gaan, sien, hobbel rond: "Ek's Presbiteriaan. Ek's Metodis. Ek is Baptis. Hulle sê vir my (ek's Kerk van Christus), 'Die dae van wonderwerke is verby. Daar is nie so iets nie.'"

Jou arme uitgehongerde kraai! Waarom kom jy nie saam vanmôre nie? Waarom vlieg jy nie weg nie? Halleluja! "Vlieg op met die vlerke van 'n oggend en vlieg weg na die Son van Geregtigheid, met genesing in Sy vlerke." Amen. Dis dit. Dis dit, broer, suster. O! "Hy wat die Seun vrygemaak het, is inderdaad vry." Ja, meneer!

90 "Wel, my pastoor …" Niks daaromtrent nie. Die Bybel het gesê: "Jy's vry." Dis reg. Jy is vry.

"My kerk …"

Wel, raak losgesny. "Het ons gewas en ons verlos van ons denominasies, in Sy Eie Bloed," en het ons vrygemaak sodat ons vir onsself kan dink, en vir onsself kan doen, en vir onsself kan praat, en vir onsself kan optree.

"Wel, as ek teruggaan en vir die pastoor sê ek moet herdoop word, sou hy …"

Wat van: "Jy is vry"? Hierdie is 'n openbaring, jy weet. Goed. Jy's vry.

As jy besprinkel is met 'n bietjie sout soos *dit*, die naam van "Vader, Seun, en Heilige Gees," hier's 'n

bad wat hier sit, gereed vanmôre, met water daarin. Sien? Ja, meneer. Dis nie reg nie.

So, jy's nie meer gebonde nie. Jy is vry, maar miskien weet jy dit nie. Maar laat ek julle vanmôre vertel, die Bybel het gesê: "Hy het ons losgemaak van ons sondes, ons ongeloof, dat ons die Openbaring van Jesus Christus kan ontvang." Gaan weg, vry! … hoef nie te neem wat enige kerk Daaroor sê nie. Neem wat God Daaroor gesê het. Hier is Sy Openbaring wat openbaar Wie Hy is.

91 "Ek het altyd geglo dat God die Vader lang, wit baard, wit hare het; en die Seun was 'n middeljarige man; en die Heilige Gees was die gelukbringer seun." Broer, dis heidendom. Dis heidens as jy in drie Gode glo.

Die heel eerste Gebod, wat is die eerste Gebod? "Hoor, O Israel: Ek is die HERE julle God, een God." Dis dit.

Hy is een God, nie drie gode nie. Hy het in drie ampte gewoon, drie plekke bedien. Hy is Profeet, Priester, en Koning. Hy is Arend, Lam, en—en Leeu. Hy is die Lelie van die Dale, die Roos van Saron, die Lelie van die Dale, en Môrester, die Wortel en Nageslag van Dawid. Hy's van A tot Z. Hy's Vader, Seun, en Heilige Gees. Hy's dit alles, maar Hy's Een. Hy is een God. Dis Sy titels wat na Hom toe gaan, maar daar's een God.

Nooit was enigeen, enige bladsy van die Bybel of in die geskiedenis, tot die Katolieke kerk, ooit gedoop deur onderdompeling in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees."

92 As jy my die bladsy of enigiets wys, skryf jy dit, lê dit hierop vir my vanaand, en ek sal uit hierdie kerk uitstap, sê: "Ek is 'n huigelaar; Ek het mense verkeerd geleer." As jy vir my een teks van die Skrif kan wys, of vir my een geskiedenis kan bring, outentieke geskiedenis, sal dit my wys waar daardie mense ooit gedoop het, in die Bybel, in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees." Of, bring vir my een Skrif- … of, een boek van geskiedenis, een bladsy, een aanhaling in die geskiedenis, waar enigiemand ooit gedoop is in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees," tot die Niceense Raad van die Katolieke kerk. Kom, bring dit vir my; en ek sal 'n teken op my rug plak en deur Jeffersonville stap, en julle agter met 'n horing wat blaas. Ek sal daarop sit: "'n Valse profeet wat die mense mislei."

En, pastoor, as jy hier is vanmôre, sou jy dit doen, behoort jy my dit vir jou te laat doen. Sien? Kom, wys my. Maar jy is bang.

93 Nou, wat is dit? *Hierdie* is die Openbaring. *Hierdie* is die Openbaring. En dit is die Heilige Gees, Christus, wat Sy Boodskap aan die kerke stuur. Hoor Dit. Hoor Dit. Dis wat die Bybel leer.

Waar het dit ingekom? As julle net nie sal kwaad word, wegbeweeg nie, deur die week, kry julle—julle die Niceense Rade. Kry die Hislop se *Twee Babilons*. Kry …

Nou, Josefus se geskiedenis is in orde, maar hy het net een paragraaf van Christus geskryf, gesê: "Daar was 'n man genaamd Jesus wat rondgehardloop het, die mense genees het. En—en hy het gesterf, ook nie, nee, Pilatus het hom doodgemaak, en—en, of Herodus, of hom doodgemaak. En toe het die dissipels gegaan en sy liggaam weggesteel en dit weggesteek. En dan gaan hulle elke aand en sny 'n stukkie daarvan af en eet dit." Gesê: "Hulle was kannibale." So, hulle het nagmaal geneem, julle sien. Die vleeslike verstand! Josefus is niemand om na te luister nie.

94 Maar neem die *Foxe se Boek Van Die Martelare*. Daar's 'n goeie outentiek. *Foxe se Boek Van Martelare*, hoeveel het dit ooit gelees? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Sekerlik. Die Pember se *Vroeë Eeue*, of—of Hislop se Twee Babilons, of—of een of ander groot outentieke. Of, die—die grootste wat ons het, is die Niceense Raad, die pre-Niceense Raad en die Niceense Raad. En jy vind daar, dit is nooit genoem nie, geen persone nie.

Neem die Heilige Skrifte en kyk of daar ooit iemand in die Bybel was wat ooit gedoop is, deur daardie titels, naam "Vader, Seun, en Heilige Gees" te gebruik. Dit dui drie gode aan. Dis vir 'n heidense seremonie. En Katolisisme is niks anders in die wêreld as 'n—'n heidense vorm van Christendom nie. En uit die Katolieke kerk kom Martin Luther, John Wesley, Baptis, Presbiteriane, ensovoorts.

Maar in die laaste dae was daar 'n deur tussenin, wat die Waarheid weer oopgemaak het, dat: "Die Bybel het so gesê," en die groot profeet wat op die aarde sou kom in die laaste dae. En ons glo hy kom. Kyk. En hy sal 'n Kerk hê. Nou, ons sal dit nou sien.

95 Nou, onthou, dit is die Openbaring. Jy kan nie Daarvan wegneem nie. Nou, wat 'n uitdaging! Vind een persoon in die Bybel, een plek waar hulle ooit enigeen gedoop het in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees," of enigeen ooit besprinkel het, vind dit in die Bybel, vir die vergifnis van hulle sondes. Hulle het nooit. En elke persoon, maak nie saak hoe hulle gedoop is nie, moes kom en gedoop word, weer oor, in die Naam van "Jesus Christus," om die Heilige Gees te kry.

96 Handelinge 19: "Paulus het deur die boonste kus van Efése gegaan, vind sekere dissipels." Hy het

gesê: "Dissipels." Hulle het 'n groot byeenkoms. Hulle het 'n man gevolg met die naam van Apollos, wat 'n bekeerde prokureur was; 'n Baptis wat geglo het aan Johannes die Doper, en deur die Skrifte bewys het dat Jesus die Christus was.

Paulus het deurgegaan en Aquila en Priscilla gesien, in die 18de hoofstuk van die Handelinge. En toe het hy oorgegaan om middagete te eet, of iets anders, saam met Aquila en Priscilla. Hulle het hom vertel van hierdie groot man. Hulle het gegaan om hom te hoor. Hy het daardie aand na hom geluister. Hy het gesê: "Hy's baie goed. Dis baie goed. Dis goed. Maar," het gesê: "het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?"

Wat van julle arme Baptiste destyds, glo julle ontvang die Heilige Gees *wanneer* julle glo?

Hy het gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang *sedert* julle geglo het?"

Iemand het gesê: "Dit was nie daarin geskryf nie."

Ek daag dit uit. Ek het die outentieke Grieks net hier, die Hebreeus ook. Die Bybel sê in die Grieks, en beide Hebreeus en ook in die Aramees. In al drie van hulle, ek het hulle reg hier, wat gesê het: "Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?" Dis reg. "Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?"

97 Nou, hy het gesê: "Ons weet nie of daar enige Heilige Gees is nie."

Toe het hy gesê: "Met watter doop is julle gedoop?"

Hulle het gesê: "Ons is alreeds gedoop deur die man wat die Here Jesus Christus gedoop het. Ons is gedoop met die doop van Johannes," dieselfde gat water, miskien: "dieselfde man."

Paulus het gesê: "Dit sal nie werk nie. Hy het net gedoop tot bekering, nie vir vergifnis van sondes nie."

Nou, party van julle Eenheidsmense kom hier en—en doop so, verkeerd. Julle doop dit tot, vir verlossing. Water red nie 'n mens nie; dis die Bloed, bekering. Nie deur doop tot wedergeboorte nie. Nee, meneer. Wedergeboorte kom deur die Gees. Doop is 'n—is 'n uiterlike uitdrukking van die innerlike werk van wedergeboorte wat gedoen is. Sien? Goed. Let op.

98 Hy het gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?" Hulle het gesê …

Hy het gesê: "Ons weet nie of daar enige Heilige Gees is nie."

Hy het gesê: "Hoe is julle gedoop?"

Gesê: "Ons is gedoop met die doop van Johannes."

Hy het gesê: "Johannes het waarlik gedoop tot bekering, tot bekering, gesê dat 'julle in Hom moet glo,' die Lam, die Offer wat sou kom, op die Here Jesus Christus." En toe hulle Dit gehoor het, is hulle weer herdoop in die Naam van Jesus Christus. En Paulus het sy hande op hulle gelê en hulle het die Heilige Gees ontvang, en in tale gepraat en geprofeteer.

99 Sê vir my dis nie Skrif nie, en wys my êrens, dat enigiemand ooit gedoop is op enige ander manier in die Nuwe Testament behalwe die Naam van die Here Jesus Christus. Wys my.

Sint Agabus en baie, daar was ander, wat gedoop is tot die tyd van die—van die—van die Niceense Raad, en elkeen van hulle is gedoop in die Naam van Jesus Christus. Die sendelinge het die lande bewerk met die Naam van Jesus Christus.

Maar toe die Niceense Raad gekom het, moes hulle drie gode hê. Hulle het Paulus afgehaal … of Jupiter afgehaal en Paulus opgesit. Hulle het Venus afgehaal en Maria opgesit. Hulle het allerhande soorte gode gehad, allerhande soorte heiliges en alles anders, en het 'n drie-enige doop gemaak en dit vir die Protestante gevoer. En hulle sluk dit steeds af.

100 Maar die Aandligte het nou gekom. Die profeet het gesê: "Dit sal Lig wees in die aandtyd."

Dit sal—dit sal Lig wees in die aandtyd,
Julle sal die pad na Heerlikheid sekerlik vind;
In die waterweg, dis die Lig vandag,
Begrawe in die kosbare Naam van Jesus.
Jonk en oud, bekeer julle van al julle sondes,
Die Heilige Gees sal sekerlik inkom;
Die Aandligte het gekom,
Dit is 'n feit dat God en Christus Een is.

Glo julle Dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Petrus het gesê, op die Pinksterdag: "Laat dit bekend wees aan julle, die huis van Israel, dat God hierdie selfde Jesus, Wie julle gekruisig het, beide Here en Christus gemaak het;" 16de vers van die 2de hoofstuk. Ja. "God het hierdie selfde Jesus, Wie julle gekruisig het, beide Here en Christus gemaak. Laat die hele huis van Israel weet, verseker."

101 Het met 'n Jood gepraat nie lank gelede nie, hier by die Huis van Dawid, hy het gesê, "Julle Heidene kan nie God in drie dele sny en Hom vir 'n Jood gee nie. Ons weet beter as dit."

Ek het gesê: "Dis net dit, Rabbi. Ons sny God nie in drie dele nie." Ek het gesê: "Glo jy die profete?"

Hy het gesê: "Sekerlik."

Ek het gesê: "Glo jy Jesaja 9:6?"

Hy het gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Van wie het die profeet gepraat?"

"Messias."

Ek het gesê: "Watter verbintenis sal Messias met God hê?"

Hy het gesê: "Hy sal God wees."

Ek het gesê: "Dis reg." Amen.

Sien, daar het jy dit. Sien, jy kan Hom nie in drie dele sny nie.

102 As julle sendelinge hier … Een van hulle gaan hier na die Jode, glo ek, hierdie man wat *hier* sit. Moet nooit probeer om die Jood "Vader, Seun, en Heilige Gees" te gee nie. Hy sal jou sommer gou sê, hy weet waar dit vandaan kom: "Die Niceense Raad." Hy sal nie daarna luister nie. Maar jy laat hom sien waar daardie God vlees geword het, en Hy is die enigste God wat daar is. God, vlees gemaak in menslike vorm en het onder ons gelewe, om ons te heilig; weg te neem, sodat Hy Self mag kom in die vorm van die Heilige Gees. God, die Vader, Heilige Gees, is dieselfde Persoon.

103 Die Bybel het gesê in—in die geslagsregisters van Jesus Christus, in die 1ste hoofstuk van Matthéüs, Dit het gesê: "Abraham het Isak verwek. Isak het Jakob verwek." En verder af, gesê, en toe in die … Laat ek dit lees, en dan sal julle nou weet waarvan ek praat. Matthéüs, die 1ste hoofstuk. En ons sal … Nou laat ons begin by die 18de vers.

> *Die geboorte van Jesus Christus was dan só: Toe sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit ...*

"'God die Vader'"? Lees dit so? [Gemeente sê: "Nee." — Red.] Gevind met 'n Kind van Wie? ["'Die Heilige Gees.'"] Die … [Leë kol op band.] Ek het gedink God die Vader was Sy vader? Dan, God, die Vader en die Heilige Gees, is dieselfde Gees, anders het Hy twee vaders gehad.

> *En Josef, haar man, omdat hy regverdig was en onwillig om haar openbaar te maak, het hom voorgeneem om in die geheim van haar te skei.*
>
> *Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die ...*

"'God die Vader'"? Huh? [Gemeente sê: "Nee. 'Die Heilige Gees.'" — Red.] "Die Heilige Gees." Wie was dan die Vader van Jesus Christus? ["Die Heilige Gees."] Die Heilige Gees. Wat is Dit in jou? ["Die Heilige Gees."] Wel, dis ook God, die Vader. Is Dit nie? ["Amen."] Sekerlik.

> *en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom JESUS noem, ...*

104 *Hier* is God die Vader, *hier* is God die Heilige Gees, en *hier* is God die Seun, sien, dis drie Gode. Die Bybel sê dit nie. Hierdie twee moet dieselfde wees, anders het Hy twee vaders gehad. Sien? Hy kan nie twee vaders hê nie. Julle weet dit.

> Nou, *sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom JESUS noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.*
>
> *En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het:*
>
> *... Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.*

Dis die 1ste hoofstuk van Matthéüs.

Matthéüs 28:19, waar Jesus gesê het: “Gaan, doop in die Naam van Vader, Seun, en Heilige Gees.” Wat is die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees? [Gemeente sê: “Jesus Christus.” — Red.] Jesus Christus, natuurlik.

Jy het 'n liefdesverhaal gelees wat gesê het: “Johannes en Maria het gelukkig gelewe tot in ewigheid.” Wie is Johannes en Maria? Gaan terug na die begin van die storie en vind uit.

As daar nie so iets is nie, geen naam, “Vader, Seun, of Heilige Gees,” dan Wie, Wie se Naam is dit? Gaan terug na die begin van die storie en kyk van Wie Hy gepraat het.

105 Petrus, op die Pinksterdag, het gesê: “Bekeer julle, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van 'Jesus Christus' vir die vergifnis van sondes.” Hy het die openbaring gehad.

Johannes het die openbaring gehad.

Jesus was die Openbaring, Hy het Homself reg hier in die Skrif voortgebring: “Ek is Hy wat was, wat is, en sal kom, die Almagtige.” Sjoe! Goed.

Nou, laat ons die 7de vers kry, net vinnig nou, voor ons uitkom, net so vinnig as wat ons kan.

*… Die Almagtige.*

*... heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.*

*en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.*

Sien daardie openbaring daar, hoe Dit geopenbaar word? Hoe God … Manne krap hulle koppe en trek hulle hare, en dinge, probeer uitvind wat “Vader, Seun, Heilige Gees” is, maak drie in een.

Moenie jou hare trek en jou kop krap nie. Kyk net op. Openbaring kom van Bo. En dis reg. Hy sal openbaar dis geen “Vader, Seun, en Heilige Gees,” nie. Dis drie ampte waarin een God gewoon het.

Dit was in die amp: “Gees,” deur Homself, want die menslike wese is neerbuigend. Toe het Hy Homself 'n liggaam gemaak, daarin gelewe, om Sy Eie Bloed voort te bring; nie deur seksuele, soos dit in die tuin van Eden was nie, maar 'n skeppende liggaam voortbring. En deur daardie maagdelik-gebore liggaam, het Hy 'n Bloed gegee wat ons geheilig het en ons losgemaak het van ons ongeloof, om in Hom te glo. Dan, as ons dit doen, ontvang ons Hom in ons hart, dis God in ons; God: Vader, Seun, en Heilige Gees. Sien? Net soos Profeet, Priester, en Koning, dis dieselfde ding. Goed.

106 Nou, die 7de vers, dit is die aankondiging. Die aankondiging is:

*Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!*

O! Hoeveel tyd het ons? Dis pragtig daar. Kan julle nog der- … twintig minute spaar? [Gemeente sê: “Ja.” — Red.] Kan julle? [“Amen.”] Goed. Nou, dan, môre … Vanaand sal ons probeer om die res van *Die Patmos Visie* te vang, vanaand. Vandag gaan ons eindig met die aankondiging.

O! Voel julle goed? [Gemeente sê: “Amen.” — Red.] Is julle lief vir hierdie ou Bybel? [“Amen.”] Dit is die Openbaring. Wat, wat is dit? God reik af, in hierdie Boek, en haal die sluier af, het gesê: “Daar is Hy: Profeet, Priester, Koning; Vader, Seun, Heilige Gees; Hy wat was, wat is, en sal kom. Al hierdie dinge, Dit is God.”

107 Nou, laat ons die sluier afhaal net vir 'n paar minute nou, die Here help ons, neem die sluier van ons oë. En kry …

*Kyk, Hy kom met die wolke; …*

Nou, hoe kom Hy? “Met wolke.” Watter soort wolk? Wolke van glorie. Nie een van hierdie donderkoppe, reënwolke nie, maar wolke van glorie.

Julle sal kyk in watter soort wolk Hy gehul was toe Petrus-hulle Sy visioen op die Berg van Verheerliking gesien het, 'n wolk het Hom oorskadu. Sy klere het geskitter. Hy was omhul met 'n wolk, die krag van God.

O, ons kom daarby, hier in hierdie kerkeeue. Ek sê vir julle, dit prikkel net—net my innerlike wese, om daaraan te dink. Wat Sy koms … Ek sien hierdie dag dat waar ons lewe, waar niks, geen hoop oor is behalwe Sy Koms nie.

108 Nou sal ons dit vinnig kry. Onthou nou.

*… elke oog sal Hom sien, …*

Nou, dit was nie die Wegraping toe nie. Was dit? [Gemeente sê: "Nee." — Red.] Sien? Was nie die Wegraping nie. Dit was nie die Wegraping nie. Waavan het Hy gepraat? Die tweede Koms.

*... ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf.*

Nou sal ons teruggaan en 'n bietjie geskiedenis kry. Laat ons teruggaan na Sagaria, en kry die 12de hoofstuk van Sagaria. Sagaria. Goed.

"En die Here het daagliks by die kerk gevoeg wat gered sou word." Hoe dankbaar is ons vir die goeie openbaring van Jesus Christus! Is julle nie bly vir Hom nie? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Nou, ons sal dit in boekvorm kry net so vinnig as wat ons moontlik kan, vir die mense, en dan kan julle dit kry, om dit te lees in die stilte van julle kamer en dinge, en dit self bestudeer. Goed.

109 Sagaria, die Sagaria, die 12de hoofstuk nou van Sagaria. En ons wil, neem dit nou regtig biddend. En ek wil dit kry tot die eer van God. Nou, Sagaria 12, laat ons begin by die 9de vers. Luister nou mooi. Hy praat van die Koms. Sagaria 12, en ons sal begin by die 9, in die 9de vers.

*Ook sal Ek in dié dag daarna soek ...*

Sagaria wat profeteer vierhonderd sewe-en-tagtig jaar voor die koms van Christus.

*Ook sal Ek in dié dag daarna soek om al die nasies wat teen Jerusalem aankom, te verdelg.*

*Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, ...*

110 Nou, wanneer keer die Evangelie terug na die Jode? Wanneer die dag van die Heiden verby is, is die Evangelie gereed, gaan na die Jode. O, ek sou, as ek julle net 'n ietsie kon voorspel wat net hier gaan gebeur, sien, reg in hierdie dag. Sien julle? Dit maak gereed om te gebeur. Ons kry dit in die Kerkeeu. En hierdie groot ding wat gereed is om te gebeur, sal oorgaan na Openbaring 11 en daardie twee profete optel, Elía en die Moses wat weer terugkeer vir die Jode. Ons is gereed daarvoor. Alles is in orde, net gereed. Hierdie Heidense Boodskap, soos die Jode dit na die Heidene gebring het, sal die Heidene dit weer reguit terugneem na die Jode. En die Wegraping sal kom.

Onthou nou, hierdie koms hier, na die verdrukking … Die Kerk gaan nie deur die Verdrukking nie. Ons weet dit. Die Bybel sê so. Sien? Goed.

111 Nou, Hy sal uitstort op die huis van Israel, (wat?) dieselfde Heilige Gees, sien, nadat die Heidense Kerk weg is.

*... en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind.*

*In dié dag sal die ... rouklaag groot wees in Jerusalem, ... soos die rouklag ... in—in die laagte van Megíddo.*

*En—en die land sal rouklaag by geslagte, elke geslag afsonderlik; die geslag van die huis van Dawid afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; die geslag van die huis van Natan afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik;* (wanneer hulle sien wat sal gebeur, wat sal plaasvind wanneer Hy kom in die wolke van heerlikheid, met Sy tweede verskyning.)

112 En wanneer daardie Jode wat Hom deurboor het … Julle weet, 'n ander Skrif sê hulle sal Hom vra waar Hy hierdie wonde gekry het.

Hy het gesê: "In die huis van My vriend."

En nie net sal dit 'n treurige tyd wees vir die Jode wat Hom verwerp het as Messias nie, maar dit sal 'n treurige tyd wees vir daardie agtergelate Heidene hier, wat aanvaar het … wat Hom verwerp het as hulle Messias van hierdie dag. Hulle sal weeklaag en ween. Die slapende maagd sal weeklaag. Dis daardie kerk wat geweier het om Olie in sy lig te kry. Daar was tien maagde wat uitgegaan het, almal goeie mense, maar vyf van hulle het Olie in hulle lampe gehad. Die ander vyf was goeie mense, goeie mense, maar het nie Olie in hulle lampe gekry nie. "En hulle is uitgedryf in die buitenste duisternis waar daar geween, geweeklaag en gekners van tande sal wees."

Hier is dit: "Hulle sal weeklaag." Die Bybel het hier gesê: "Hulle sal weeklaag, en so gebroke van hart, tot selfs …"

113 Hier, ek sal julle nog een gee, Génesis 45, as julle daarby wil uitkom. Laat ons net 'n oomblik daarby kom en dit ook lees in Génesis, die … Ek glo, van die 45ste hoofstuk van Génesis. Ek wil dit graag hier kry, Josef wat homself bekend maak aan sy—aan sy mense. En ons sal dit kry, wys net die—die tipes van wat in daardie dag sal plaasvind, dan sal ons dit saambind.

> *TOE kon Josef hom nie langer bedwing voor almal wat by hom gestaan het nie, en hy roep: Laat almal van my af weggaan!*

Nou onthou, Josef, wat homself bekend gemaak het, het uitgeroep: "Laat elke man van my af wegaan."

> *En daar het niemand by hom gestaan toe Josef hom aan sy broers bekend gemaak het nie.*
>
> *Daarop bars hy in trane uit, sodat die Egiptenaars en ook die huis van Farao dit gehoor het.* (Hy moes uitgeskreeu het.)
>
> *En Josef sê vir sy broers: Ek is Josef! Leef my vader nog? Maar sy broers kon hom nie antwoord nie, want hulle was verskrik voor hom.*
>
> *Verder sê Josef vir sy broers: Kom tog nader na my. En toe hulle nader kom, sê hy: Ek is julle broer Josef vir wie julle na Egipte verkoop het.*
>
> *Maar wees nou nie bedroef nie, en laat daar geen ontstemming by julle wees dat julle my hierheen verkoop het nie. Want om lewens te behou, het God my voor julle uit gestuur.* (O, hoe pragtig!)
>
> *Want daar was nou twee jaar hongersnood in die land, en daar is nog vyf jaar waarin nie geploeg of geoes sal word nie.*
>
> *Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing.*

114 Laat ek nou net neem en dit vergelyk met Sagaria, die 12de, net vir 'n oomblik. Nou, ons weet dit, in tipe. As jy tipes onderrig, dan sal jy dit altyd regkry, dink ek, in—in tipe.

Nou, Josef, toe hy gebore is, is hy gehaat deur sy broers. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Nou wil ek julle wys, Josef verteenwoordig die Geesvervulde Kerk. Josef was gehaat deur sy broers. Hoekom? Omdat hy geestelik was. Josef kon nie help dat hy visioene kon sien nie. Hy kon nie help dat hy drome gedroom het, sien, en drome kon interpreteer nie. Hy, dit was wat in hom was. Hy kon niks anders vertoon as dit wat in hom was nie. Wel, toe, sy broers het hom gehaat sonder 'n rede. Maar sy vader het hom liefgehad, want sy vader was 'n profeet.

Sien julle hoe dit met Jesus was? God het Sy Seun liefgehad. Maar die broeders, die Fariseërs en Sadduseërs, het Hom gehaat, omdat Hy die siekes kon genees, en dinge voorspel, en visioene sien, uitlê. Sien wat ek bedoel? "Hulle het Hom gehaat sonder 'n rede."

115 En wat het hulle aan Josef gedoen? Hulle het voorgegee dat hy dood was, en hulle het hom in 'n sloot gegooi. Het 'n bebloede jas gevat, van sewe kleure, wat sy vader …

Daar's net sewe kleure in die reënboog. En die reënboog, ons weet wat, dat ons 'n bietjie later daarby uitkom, dink ek, vanaand. Die reënboog hier oor Hom, Jesus, waar, "Sy voorkoms het gelyk soos jaspis en sardisteen, en 'n reënboog." 'n Reënboog is 'n verbond.

En dit was God se verbond oor Josef. En toe het hulle sy jas met bloed gevlek, en dit na die vader teruggeneem. En hy was veronderstel om dood te wees. En …

Maar hy is uit die sloot gehaal en gesit in 'n—'n … verkoop aan Farao, iemand in Egipte, en 'n—'n generaal het hom gehou. En toe hulle dit gedoen het, hy, 'n slegte ding het teen hom opgekom en hulle het hom in die tronk gegooi. En daar het hy geprofeteer en vir twee manne gesê waarheen een sou gaan en waar die ander een sou gaan; die skinker en 'n—en 'n bakker, as gevolg van hulle droom.

En toe is hy verhoog daarvandaan, na die regterhand van Farao. En geen mens kon Farao aanraak nie, slegs deur Josef. [Leë kol op band — Red.]

116 Wat hierdie. Nou, die … toe Josef toe aan die Egiptenare verkoop is. En kyk, alles wat hy gedoen het, het Christus getipeer. Kyk na hierdie skinker en hierdie bakker daarbinne, en hulle het albei drome gehad. En Jesus, toe Hy in Sy gevangenis was. Onthou, Josef was in die tronk. En toe Jesus in Sy

gevangenis was, (hoe?) aan 'n kruis vasgemaak, was daar een gered en een verlore. Josef, toe hy in sy tronk was, is een gered, een is verlore.

En let op. Toe nadat Jesus van die kruis afgehaal is, is Hy verhoog na die Hemel, en sit aan die regterhand van die groot Gees, Jehova. "Geen mens kan na God toe kom behalwe deur My nie." Geen *Gegroet Maria's*, geen geseënde *hierdie* of geseënde *daardie* nie. Maar deur Jesus Christus: "Die enigste middelaar wat daar tussen God en mense is," daardie kosbare liggaam waarin God getabernakel het, onder ons, wat God se Naam geneem het. En God het die naam van die mens geneem. God het geneem …

117 Kyk hier. In die begin, toe Adam … Ek kan net nie daarvan wegkom nie. Lyk asof iemand iewers dit nie kry nie. Kyk. In die begin … Laat ek julle weer iets wys. Die Heilige Gees waarsku my om dit te doen. Ek verlaat my onderwerp vir 'n minuut. Toe die eerste nuus tot die Heerlikheid gekom het, dat die seun verlore was, Adam, het God 'n Engel gestuur? Het Hy 'n seun gestuur? Het Hy enigiemand anders gestuur? Hy het gekom, Self, om Sy verlore seun te verlos. Halleluja! God het dit nie met niemand behalwe Homself vertrou nie. God het vlees geword en onder ons gewoon en die mens verlos, Hyself. Dis … "Ons is gered," het die Bybel gesê: "deur die Bloed van God." Die sterflike, God was … Die onsterflike God is sterflik gemaak ten einde sonde weg te neem, om self die Lam te wees; om in Heerlikheid in te gaan, versluier, en met Sy Eie Bloed voor Hom, anderkant die sluier.

118 Nou, Josef, daar na Egipte toe gaan hy. En daar is hy verhef uit sy gevangenis, na die regterhand van Farao, en is die opsigter gemaak. En alles het vooruitgegaan in die dae van Josef.

Nou, wanneer Jesus terugkeer, sal selfs die woestyn soos 'n roos blom. Hy is die Seun van voorspoed, tipe van Josef.

Hulle het Josef in … Die generaal het hom in sy huis gehad; alles wat hy gedoen het, het hy voorspoedig gemaak. Hulle het hom in die tronk gesit, en die hele tronk het vooruitgegaan. Alles wat hulle gedoen het, het hy voorspoedig gemaak. En toe hy verhef is tot die hoogste van Farao, naas Farao, het alles in Egipte vooruitgegaan bo enigiets in die wêreld.

Wanneer Hy terugkeer, sal dit 'n land van voorspoed wees. Die ou woestyne sal blom, en daar sal oral kos wees. En ons kan, elkeen, onder ons eie vyeboom sit, en lag en juig, en vir ewig in Sy Teenwoordigheid lewe, wanneer Hy terugkom as Koning.

119 Hy was Seun van die mens, Profeet. Amen. Hy was Seun van die mens, Offerhande, Priester. Hy is Seun van die mens, as Koning, die Seun van Dawid wat op die troon van Sy majesteit sit. Seun van die mens, Hy is gema- … God gemanifesteer as Seun van die mens. Hy het afgekom en mens geword, om sondes weg te neem van die wêreld. Hy het mens geword, as 'n Profeet. Hy het mens geword, as 'n Priester. Hy het mens geword, as Koning; Koning van die Hemel, Koning van heiliges, die Ewige Koning; was altyd Koning, sal altyd Koning wees, Ewige Koning.

120 Nou let op, dan, Josef. Voor Josef uitgegaan het, moes hulle eers die basuin blaas. En mense het geskree: "Buig die knie vir Josef." Maak nie saak wat 'n man gedoen het nie, hy het 'n produk op straat verkoop, toe daardie basuin geblaas het, het hy sy knie gebuig. 'n Man was net omtrent gereed om uit te reik en sy geld te kry, maar hy het sy knie gebuig, Josef het gekom. O! Die n- … die—die—die nabootser was net omtrent gereed om sy daad te doen, en wat het hy gedoen? Hy moes stop. "Josef kom." Die basuin het weerklink.

Een van hierdie dae sal alles, selfs tyd, stilstaan. "Wanneer die basuin van God sal weerklink, en die dooies in Christus sal opstaan, en die oggend breek Ewig, helder en mooi." Alles sal die knie buig. "Elke knie sal buig, en elke tong sal Daarvoor bely."

Begin nou. "Party mense se sondes gaan voor, sommige volg."

121 Maar let nou op wat plaasgevind het. Hoe heerlik! Toe Josef toe … nadat hy met 'n Heiden getrou het en 'n familie ontvang het, Efraim en Manasse, sy seuns. Het julle opgelet aan die einde? Toe Josef … Jakob begin het om Efraim en Manasse te seën. Toe hy sy hande begin opsit het, het hy Efraim aan die regterkant, Manasse aan die linkerkant, om die regterhand te kry om die oudste te seën. Maar toe hy begin bid, het sy hande gekruis, en hy het die jongste een die regterhandse seën gegee in plaas van die een wat aan die regterhand was.

En Josef het gesê: "Nie so nie, Vader." Het gesê: "Jy het die seën op Manasse geplaas in plaas van op Efraim."

En hy het gesê: "God het my hand gekruis."

Wat? Van die Jode, die oudste, die eerste uitverkorene van God, deur die Kruis kom die seëning terug na die Heidene, om die Bruid te kry. Seën kom deur die Kruis, van die Jood na die Heiden. Verwerp, hulle

het die Kruis verwerp, daarom het Hy die Heidense Bruid gekry.

122 En toe Josef tevore, toe hy … gehoor het van sy broers, wat … Hulle was uit gemeenskap vir baie jare, die Jood.

Nou kyk. Ons kom nou terug na Sagaria, waar hulle weeklaag, en treur en weeklaag. En selfs families sal hulleself afsonder van ander families, uitgaan, sê: "Hoe het ons dit gedoen? Hoe kon ons dit ooit gedoen het?" Wanneer hulle sê: "Waar het U daardie littekens gekry, daardie afdrukke in U hande?" selfs hulle wat Hom deurboor het. "Hy sal in die wolke kom. En hulle sal Hom sien, selfs diegene wat Hom deurboor het. En elke huis sal treur, en hulle sal weeklaag." Hulle sal nie weet wat om te doen nie.

123 En toe Josef … Julle ken die storie. Toe hy sy broers gesien het, en hy gemaak het asof hy nie Hebreeus kon praat nie, en die tolk gekry het om vir hom te interpreteer. En hy het gemaak asof hy nie Hebreeus kon praat nie, maar hy wou uitvind. En so toe uiteindelik, eendag, toe hulle sy broertjie gebring het, het julle opgelet? Dit was Benjamin wat Josef se siel aan die brand gesteek het?

Wat is dit vandag wat Sy siel aan die brand gaan steek, ons Josef, Jesus? Daardie jong kerk wat daar oorkant in Iran was, wat die gebooie van God onderhou het. En dis 'n pasgebore volk wat in Palestina vergader het, en weer terug herstel is. Daardie sespunt Ster van Dawid, die oudste vlag in die wêreld, 'n nasie is gebore in die laaste paar jaar. Daar is Israel.

Nasies breek, Israel ontwaak,
Die tekens wat die Bybel voorspel het;
Die dae van die heidene is getel, met verskrikkinge omring;
Keer terug, O verstrooides, na julle eie.
Die Dag van Verlossing is naby,
Mense se harte faal van vrees; (Kyk net daarna, hulle het almal neuroties geword.)
Word gevul met die Gees, jou lamp skoongemaak en helder,
Kyk op, jou verlossing is naby.
Valse profete lieg, God se Waarheid ontken hulle,
Dat Jesus die Christus ons God is; (Glorie! Maar die Openbaring het gekom.)
So ons sal loop waar die apostels gestap het, (Reg in hulle selfde plek.)
Want die Dag van Verlossing is naby,
Mense se harte faal van vrees;
Wees gevul met God se Gees, jou lamp skoongemaak en helder,
Kyk op, jou verlossing is naby.

124 O! O, Josef, toe hy klein Benjamin daar sien staan het! Dis sy kleinboet. Sien julle klein Benjamin nou bo …?… daar oorkant, wat daar oorkant sit? Die stamme van die—van die aarde, van die Jode, het teruggekeer daar waar daar honderd vier-en-veertig duisend van hulle daar sal staan om Christus te ontvang wanneer hulle Hom sien Kom. Hulle sal sê: "Kyk, dit is ons God op wie ons gewag het." Dan sal hulle die deurboorde … "Waarvandaan het hierdie gekom?"

Hy het gesê: "In die huis van My vriend."

En hulle sal weeklaag en hulle sal huil. En elke familie, hulle stamme van Dawid en Nepthalim en almal, sal hulleself afsonder, elke familie, en huil vir hulleself wanneer hulle Hom in die lug sien staan, die Een wat hulle deurboor het.

Wat sal Sy boodskap wees? Kyk wat Josef gesê het. Toe hy gesê het …

125 Kyk na 'n ander ding. Toe Josef die kinders voor hom gekry het, het hy na hulle gekyk, hy het klein Benjamin gesien. Hy het Efraim gesien, hy het die res van hulle daar gesien, die Gad en hulle almal. En die twaalf stamme, die tien stamme toe, wat voor hom staan. Hy het hulle almal daar sien staan. Hy het geweet hulle was sy broers. En hy het na klein Benjamin gekyk, direk, sy keel het begin vol word. Het geweet hulle was syne. Wat het hy gesê? "Laat elke mens my verlaat." Wat het met sy vrou en kinders gebeur? Hulle het in die paleis ingegaan.

Waarheen sal die Heidense Kerk gaan met die Wegraping? In die Paleis. Die Bruid, Halleluja, die Bruid sal van die aarde af weggeneem word in die Wegraping. Dan wanneer Hy terugkeer, is Sy Bruid nie daar wanneer Hy Homself bekend maak aan Sy broers, die Jode, hulle wat Hom deurboor het, hulle wat Hom verwerp het nie.

126 Maar sy vrou en sy geliefde, sy goeie vriende daar, sy—sy eie God-gestuurde metgeselle wat hy in die tempel gehad het. En toe hy kyk, het hy gesê hulle was … Hulle het nie geweet nie. Hulle het gesê: "O, hierdie groot prins!" Hulle begin sê vir mekaar, o, oor hierdie dinge van wat hulle gedoen het.

Ek glo dit was Efraim, of nie Efraim nie, maar ek vergeet watter een dit nou was, wat—wat gesê het: "Wel, ons behoort nie ons broer, Josef, dood te gemaak het nie." Gesê: "Jy sien, ons word terugbetaal." Reuben, Reuben het gesê: "Ons behoort nie ons broer dood te gemaak het nie," gesê:

"want, julle sien, ons word terugbetaal vir wat ons gedoen het."

En Josef het daar gestaan; hulle het nie gedink hy kon Hebreeus verstaan nie. Maar hy het dit geweet.

Sommige dink, kan nie praat … verstaan praat in tale nie, maar Hy weet alles daarvan. Ja, Hy weet. Die Heidense koninkryk het ingekom met spreek in tale en interpretasies, in die kop van goud (die eerste kop) voor dit geval het. Wat het daardie eerste Heidense bedeling beëindig? 'n Handskrif van onbekende tale teen die muur, en 'n man daar kon dit interpreteer en sê wat dit was. Dit gaan op dieselfde manier uit. Amen. Het ingegaan en gaan op dieselfde manier uit.

127 Hulle het gedink hy kon nie daardie tale verstaan wat hulle gepraat het nie, maar hy het dit geken. Hulle het gesê: "Sien julle wat ons het?"

En Josef het toe gesien hulle is jammer oor wat hulle gedoen het.

Nou sien Hy hulle droefheid en berou dat hulle Hom verwerp het, so Sy keel trek nou toe. Hy is gereed om Sy Kerk van die aarde te verdaag, Haar in Heerlikheid in te neem. Keer dan terug, en dan sal al die stamme van die aarde treur.

Wat het hulle gedoen? Reuben, almal van hulle, het begin huil, hulle het gesê: "O! O!" Hulle het gevrees en gesê: "Dit is hy. Nou weet ons, ons is in vir 'n ding. Nou sal hy ons doodmaak. Nou hy … Ons weet dat ons nou vernietig gaan word, want dit is Josef wat so lank weg was van ons. Dis Josef, ons broer, nou is ons regtig in vir 'n ding."

Hy het gesê: "Moenie vir julleself kwaad wees nie. God het dit gedoen om lewe te bewaar."

Wat het God gedoen? Waarom het die Jode Jesus verwerp? Sodat ons Heidene, sodat die mense wat Hy uitgeroep het om Sy Naam ontwil, God het dit gedoen om die lewe van die Heidense Kerk, Bruid, te bewaar.

128 Al die stamme wat Hom verwerp het sal treur. Hulle sal hulself wegsteek in gate, en in rotse, en dinge, sê: "Verberg, val op ons, berge." Hulle het Dit verwerp, Hom. Al die geslagte van die aarde sal ween oor Hom. En elke familie in Israel daar sal hulleself afsonder. Gesinne sal skei, een van die ander, en sê: "Waarom het ons dit gedoen? Hoe het ons gekom om Hom te verwerp? Hoe? Daar staan Hy. Daar is die God vir wie ons gewag het. En daar is Hy, met spykermerke in Sy hande, en ons het dit gedoen."

Dis presies wat daardie broers reg daar gesê het, toe hulle teruggekom en gesê het: "Daar is Josef, wat ons verkoop het."

Hy het gesê: "Ek is Josef, julle broer, wat julle in Egipte verkoop het."

"O!" Hulle was bang. En hulle het getreur en geweeklaag en na mekaar gehardloop: "Wat kan ons doen?"

Hy het gesê: "Moenie vir julleself kwaad wees nie, want God het dit alles gedoen. God het my vooruit gestuur."

129 God het alle mense geskape; wit mans, swart mans, bruin mans, geel mans, elke man. God het elke mens geskape. Hy het die Heiden geskep, die Jood geskep. Hy het almal geskape. Dis alles tot Sy heerlikheid. En die Jode moes verwerp word om 'n Heidense Bruid te neem.

Dis waarom al hierdie tipes is. So die Heidense Bruid en Haar nageslag saam met Haar, daardie glorieryke Pinksterkerk, gewas in die Bloed van die Lam, met al die krag van die opstanding wat in hulle lewe, sal eendag opstaan in die Wegraping (in 'n oomblik, in 'n oogwink) om in die Teenwoordigheid van Jesus te gaan wees, terwyl Hy terugkeer (en almal laat gaan) om Homself bekend te maak aan Sy broers.

130 Kyk wat die Skrif hier sê, ter afsluiting. O!

> *Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien,* (nou, hy praat van die tweede Koms, nie die Wegraping nie), *ook hulle wat Hom deursteek het; ...*

7de hoofstuk, die 1ste vers … Of, 7de vers van die 1ste hoofstuk.

> *... elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!*

Dan gee Hy daardie groot aanhaling. Wie is Dit? Wie is Dit waarna hulle moet gaan soek?

> *Ek is Alfa en Oméga,* ek's A en Z, (die Griekse A en Z, Griekse alfabet) …

131 Handelinge 2:36, die … Petrus het gesê: "Daar is nie 'n ander naam gegee onder die Hemel waardeur mense gered moet word nie." Of, nee, verskoon my; ek haal dit verkeerd aan. Hy het gesê: "Laat die hele huis van Israel sekerlik weet, dat God hierdie selfde Jesus, wat julle gekruisig het, beide Here en Christus gemaak het."

Johannes 14:7 en 12, Thomas het gesê: "Here, wys ons die Vader, en dit is genoeg vir ons."

Gesê: "Ek was so lank saam met julle, en julle ken my nie?" Het gesê: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. Waarom sê jy: 'Wys my die Vader'? Ek en My Vader is Een."

Ek het dit eenkeer vir 'n persoon gesê. Die dame het gesê: "Net 'n oomblik, Mnr. Branham." Gesê: "Jy en jou vrou is ook een."

Ek het gesê: "Maar nie daardie soort nie."

Sy het gesê: "Verskoon my."

Ek het gesê: "Sien jy my?"

Sy het gesê: "Ek doen."

Ek het gesê: "Sien jy my vrou?"

Sy het gesê: "Nee."

Ek het gesê: "Dan, Hulle is 'n ander soort. Hy het gesê: 'Toe julle My gesien het, het julle die Vader gesien.'" So dit was genoeg daarvoor.

132 So in Johannes, of Een Johannes 5:7 tot 8, julle almal wat dit neerskryf. Eerste Johannes 5:7 tot 8, het die Bybel gesê. Die spreker, die einste man wat hierdie Openbaring geskryf het wat Jesus hom gegee het, hy het gesê: "Daar is drie wat getuig in die Hemel: die Vader, die Woord (die Woord is die Seun) … die Vader, die Woord, en die Heilige Gees, en hierdie drie is een. Daar is drie wat getuig op aarde: water, Bloed, en Gees, en hulle stem saam; nie is een nie, maar hulle stem in een saam."

Jy kan nie die Vader hê sonder om die Seun te hê nie. Jy kan nie Vader of Seun hê sonder om die Heilige Gees te hê nie. Reg. Maar jy … En water, Bloed, en Gees, dis die elemente wat dit neem om in Sy Liggaam in te kom.

Wanneer 'n natuurlike geboorte plaasvind, wat is die eerste ding wat gebeur wanneer 'n vrou geboorte gee aan 'n baba? Eerste ding, dis water. Tweede ding, is bloed. Dit reg? Volgende ding, is gees. Die baba skep asem, begin asemhaal. Water, bloed, en gees, wat die natuurlike geboorte uitmaak.

Ook, die geestelike Geboorte. Waterdoop in die Naam van Jesus Christus; regverdigmaking deur geloof, glo in die Here Jesus Christus. Water! Wat is die volgende? Bloed; heiligmaking, skoonmaak, haar uitkry.

133 Dis daar waar julle Nasareense mense gefaal het; julle het net sover gegaan en nie verder nie. Die voorwerp wat geheilig is op die altaar, gereed vir diens, maar nie in diens nie. "Salig is hulle," saligsprekinge: "wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word." Die voorwerp is geheilig. Dis waar.

Dis soos die maagd. Die woord *maagd* beteken "rein, heilig, onvervals, geheilig." Vyf het olie gehad, en vyf het nie; vyf was gevul, en die ander een het net in heiligmaking gebly. "Het julle die Heilige Gees ontvang *sedert* julle geglo het," julle Baptiste, Presbiteriane?

"Ons weet nie of daar enige Heilige Gees is nie."

"Dan, hoe is julle gedoop?" Uh-huh.

Nadat hy sy hande op hulle gelê het, was hulle toe, nadat hulle gered en geheilig is, was hulle vervul met die Heilige Gees. Reg.

134 Water, Bloed, Gees! Jesus het gekom om te was en om te reinig, en om 'n Kerk te heilig, dat Hy mag kom en daarin lewe. Met Sy Eie Bloed; Hy het Sy Eie God-gebore Bloed gegee, dat Hy ons kan reinig van ons seksuele geboorte, en vir ons 'n geheiligde, heilige voorwerp gee sodat Hy Self kan kom.

"'n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; tog sal julle My sien omdat Ek," persoonlike voornaamwoord, "met julle sal wees, selfs in julle, tot die einde van die voleinding." Amen. "Die hele pad sal Ek met julle en in julle wees. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Hierdie tekens sal hulle volg wat glo." God in die Kerk! O, goeiste! Godheid! "Daar is drie wat getuig in die Hemel: Vader, Woord (Seun), Heilige Gees. Hulle is Een."

135 Nou, jy kan gered word sonder om geheilig te wees. Jy kan geheilig word en nie die Heilige Gees hê nie; reg, geheiligde gees, sonder om gevul te word. Heilig jou hart, reinig jou hart, sonder om dit met iets te vul. Dis wat Hy gesê het: "Wanneer die onrein gees uit die man uitgegaan het, wandel hy in droë plekke. Kom terug, vind sy huis heeltemal versier, en kom in. Die laaste stand van daardie persoon is baie keer sewe keer erger as wat dit in die eerste was."

Dis wat gebeur het met julle Pelgrim Heiligheid, Nasaréners, ensovoorts. Julle het aanvaar. En toe die Heilige Gees gekom het, begin praat het in tale, en tekens en wonders gegee het, het julle dit "die duiwel" genoem en die werke van God gelaster, dit "'n onrein ding" genoem. En sien julle waarheen julle kerk gegaan het? Kom uit haar uit! Die uur is hier, die Openbaring van Jesus Christus word onderrig, God geopenbaar in die krag van Sy demonstrasies van die Heilige Gees. Amen. Die Dag van verlossing is naby.

136 Nou, Godheid in Hom, Een Timótheüs 3:16.

> *... En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, ... het verskyn aan engele, ... is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.*

O, net aan en aan en aan. Maar waar is ons nou? Aan die einde van die 8ste vers.

Vanaand begin ons die—die 9de vers, *Die Patmos Visioen*. O, daar wag groot dinge vir ons. Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

137 Doen julle dit regtig? Het God Homself aan julle bekend gemaak, geopenbaar dat Hy die Seun van God is, Jesus Christus, God gemanifesteer in die vlees, om sonde weg te neem? Hy openbaar Homself in hierdie laaste dae in Sy kerke, maak Homself bekend.

Nou, hierdie einste dinge wat in die Kerk aangaan, kyk en sien aan die einde van hierdie Boodskap of die Bybel nie sê hierdie dinge moet plaasvind nie, net presies. Kyk of hulle nie presies het nie, in die Efésiese Eeu, en die Pérgamus, Thiatire, verder, elke eeu.

Het gesê hoe Luther sou maak, en hoe Wesley sou maak. En hoe hierdie Pinkster denominasie in 'n Laodicése, louwarm toestand sal ingaan, maar, te midde daarvan, sou Hy die mense trek. Dis reg. Dis presies. Ons is by die einde. O, ek is so bly! En, o, soos ek myself sien wegbreek het, en kyk na my vriende en dinge, en die wêreld sien en die—en die chaos waarin dit is, en dan dink dat die Koms van die Here so nader kom. Ons is aan die einde van die eeu.

138 Mense se harte faal van vrees. Oral, almal, dis ontstellend op die radio, die heeltyd: "Wees gereed vir 'n lugaanval. Neem *dit* in, neem *dit* in, en gaan af in die kelder." Hoe gaan jy wegkruip daarvan? Kan nie daarvoor wegkruip nie. Wel, daardie ding sal honderd-en-vyftig voet in die grond gaan, vir 'n honderd-en-vyftig vierkante myl. Wel, die skudding daarvan sou … As dit hier sou tref, sou dit Indianapolis tot op die grond skud. Wel, dit sou Indianapolis net aan stukke blaas, reg hier in Louisville tref, sien, een van daardie. Moeilik om te sê wat hulle behalwe dit het.

En, kyk, jy hoef nie … Julle weet, Rusland hoef dit nie te doen nie. Kuba kan dit doen. Enige klein plekkie, 'n—'n klein plekkie die grootte van Alkatras daarbuite, kan dit doen, die hele wêreld bedek. Al ding wat jy moet doen is om haar net op te lyn en een tou te trek. Jy het geen leër nodig nie. Jy het net een fanatikus nodig om dit te doen, in die hande van die duiwel. Dis presies reg. Hy sou dit doen, en dan is die hele ding verby. Dis dan alles verby.

139 Maar, o, laat ek julle hierdie geseënde ding gee. Wanneer ons dit so naby sien, wanneer ons sien dat dit voor die oggend kon gebeur. Onthou, die Kerk gaan huis toe voor dit gebeur het. Die Wegraping vind vooraf plaas.

Nou, sodat julle nie verdraaid mag raak nie, onthou, Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, soos dit was in die dae van Lot." Onthou, voor enige reën geval het, was Noag in die ark. Sien? Noag was in die ark. Hy is oorgedra, hierdeur. En nou, Noag was 'n tipe van die Jood. Maar Henog het huistoe gegaan sonder om te sterf. En toe Noag Henog sien gaan het, het hy geweet dit was tyd om te begin met daardie ark. Dis reg. Dit was Noag se teken, toe Henog huistoe gegaan het. En sodra die Heidense Kerk weggeneem word, dan maak Hy Homself bekend aan Israel. Sien? Dis reg.

140 Onthou, in die dae van Lot, soos Jesus gesê het, voor een spikkel vuur ooit die aarde getref het, het daardie Engel gesê: "Maak gou. Maak gou. Gaan hier uit, want ek kan niks doen voordat jy hiervandaan gekom het nie." Voor enige vuur getref het, was Lot en sy familie uit en weg. So, die Wegraping sal kom voor die Verdrukking begin.

Die Verdrukking, baie mense kry hulle deurmekaar. Ons sal dit uitgestryk kry hierdie week, as die Here wil, deur die hulp van die Here. Onthou, julle soek na 'n groot Verdrukkingsperiode, dit was, as julle dit in die Bybel sou tipeer, dit was Jakob se Probleemdae, julle sien, toe hy bekommerd was. Dit het niks te doen gehad met die Heidene nie. Die Heiden het niks daarmee te doen nie. Geen tipe in die Bybel daarvan nie. Die Heidense Kerk word Weggeraap.

141 En jy soek na "die water om in bloed te verander," en sulke dinge. Dit kom weer oor na Israel, destyds saam met Moses en Elía, wanneer hulle terugkeer. Elía, vir die vierde keer, keer terug in die gees. Nie een van hulle was dood nie.

Of, die … Moses het gesterf; hulle het nie geweet waar hulle hom begrawe het nie. Hy was veronderstel om êrens tussen toe en daar opgewek te word, want op die Berg van Verheerliking, daar was hy, het met Jesus gepraat. Het hy nie? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Sien?

So hulle sal terugkom en doodgemaak word, en lê in die geestelike straat genaamd "Sodom," waar ons Here gekruisig is, Jerusalem. Hulle sal vir die Jode preek, en die aarde tref, en die hemele sluit, ensovoorts, soos dit. En die einde van die Heidense bediening sal oorgaan en daarmee aansluit, en die Heidene sal huistoe gaan, en daardie bediening sal voortgaan. Daar sal die ondergang van alle dinge wees. Twee-derdes van die aarde het geval, en alles anders. Toe daardie dooie liggame in die strate gelê het, drie dae, kyk watter soort dit was.

142 Kyk na hierdie prente wat ek van onder in Suid-Amerika gekry het, toe hulle daardie Pinkstersendeling daar doodgemaak het, sy vrou, wat in die straat gelê het, en hy en twee kindertjies. Klein dogtertjie, en haar maag opgeswel soos *dit*. Hulle wou hulle nie eens begrawe nie. Het geloop, daar op hulle gespoeg soos dit, vir drie of vier dae. Broer Kopp het die foto geneem. Ek het hulle by die huis, sien, hoe hulle maak.

Dan stuur hulle geskenke, een vir die ander. Kyk hoe tipeer dit in die Bybel, julle sien watter kerk dit gaan doen. Dis reg, reg op hande, en beweeg reg in soos 'n slang nou, net so slu as dit kan wees, teken van dinge net nou.

143 Kyk na die profesie wat die Here my in '33 gegee het, hoe dit sou gebeur: "Hulle sal vroue toelaat om te stem. Deur te stem, sou hulle die verkeerde persoon kies." Sewe dinge is gegee, en vyf van hulle het alreeds gebeur. Die volgende ding was 'n groot vrou, 'n kerk, 'n mag of iets, sou hierdie Verenigde State oorneem, om te regeer. Toe het ek dit soos as gesien lê, waar dit tot die einde gekom het. Dit was die endtyd.

Dit het gesê: "Hulle sou 'n masjien hê wat kon ry. Hulle hoef geen bestuurder daarin te gehad het nie." Hulle het dit net vervolmaak. Dit het gesê, elf jaar …

Die Heilige Gees het vir my gesê. Daar is dit op papier. Jy kan nie … Dit kan nie ontken word nie. Daar is dit op papier, soos die Heilige Gees gesê het.

Elf jaar voor die Maginotlyn gebou is, het ek gesê: "Die Duitsers … Amerika sal net … President Roosevelt sal die vabond van hulle almal wees." En dis reg. Hy was.

Maak nie julle Demokrate se gevoelens seer nie, maar ek—ek sê julle. Dis nie nou 'n Demokraat of Republikein nie. Dis Jesus Christus, die Seun van God, waarvan ons praat. Ek is nóg Demokraat nóg Republikein. Ek is 'n Christen. So dan, hulle, wat dit ook al was, maar julle let daar op.

144 En kyk hier, nou die dag, as julle wil sien watter afvallige klomp dit is. Neem daardie masjiene en maak dit reg, waar, elke keer wat jy vir Mnr. Nixon sou stem, moes jy vir hierdie ander kêrel stem, dieselfde tyd. Ed- … J. Edgar Hoover het die masjiene onttrek. Hoeveel het dit gelees? Wel, sekerlik, dis oral oor die hele koerante, nuus, en alles anders. Sien julle waarby ons is?

Daar is niks eerliks meer behalwe Christus nie. Amen. O, daardie geseënde ou Boek! Dis Dit. Dis die enigste Een wat vir jou sê wie jy is, waar jy vandaan kom, en waarheen jy gaan (ja, meneer), is hierdie geseënde ou Boek, o, wat my Hom laat liefhê. Doen dit nie vir julle nie? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

Geloof in die Vader, geloof in die Seun,
Geloof in die Heilige Gees, hierdie drie is Een;
Duiwels sal bewe, en sondaars word wakker;
Geloof in Jehova laat enigiets skud.

145 Amen. Watter groot dag lê nie vir ons voor nie, vriende! "Die Openbaring van Jesus Christus wat God aan Sy engel gegee het, en gekom en dit aan Johannes beteken het, dat dit bekend kan word deur die Kerkeeue, die ding wat vir ons in die vooruitsig is."

Mag die Here ons nou seën, soos ons op ons voete staan. En wie ook al die klavier speel, gee ons 'n akkoord as jy sal, *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou*.

Nou luister. Daar is, sonder twyfel, daar is vreemdelinge hier onder ons in die tabernakel vanmôre. Ek wil hê julle moet hulle hande skud. Nooi hulle om saam met julle huistoe te gaan, en wat nog. En maak almal welkom. Ek wil hê almal moet seker maak om dit te doen.

En onthou die diens sal om sewe-uur begin vanaand. En om sewe-dertig sal ek oor Die Visioen Op Patmos praat. Môreaand, as die Here wil, sal ek praat oor die eerste kerkeeu, Efése, van die Kerkeeu.

146 Nou gaan ons *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou* sing, ons klein tabernakel se afsluitingslied. En laat almal nou sing. Goed.

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit sal vreugde en vertroosting jou gee,
Neem dit oral waar jy gaan.
Kosbare Naam, O hoe soet!
Hoop van die aarde en vreugde van die Hemel;
Kosbare Naam, kosbare Naam, O hoe soet!
Hoop van die aarde en vreugde van die Hemel.

147 Nou voor ons die volgende vers sing, wil ek hê Metodiste, Baptiste, Pinksters, Katolieke, Nasaréner, Pelgrim Heiligheid, moet almal net uitreik, hande skud met iemand voor jou, aan jou kant, aan die agterkant van jou, sê: "Christen pelgrim, vriend, ek is bly om jou hier te hê vanmôre. Bly om gemeenskap te hê met jou rondom die dinge van God. Ek weet ons het 'n wonderlike tyd gehad. Hoop om julle weer vanaand hier te sien." Iets soos dit, soos jy hande skud met mense, voor jou, agter jou, om jou.

By die Naam van Jesus buigend,

Sien jou vanaand, Broer Neville. Sien julle vanaand.

… voete,
Koning van konings, in die Hemel sal ons Hom kroon,
Wanneer ons reis voltooi is.
O kosbare Naam, O hoe soet!
Hoop van die aarde en vreugde van die Hemel;
Kosbare Naam, O hoe soet!
Hoop van die aarde en vreugde van die Hemel.
Tot ons ontmoet! tot ons ontmoet!
Tot ons by Jesus se voete ontmoet; (tot ons ontmoet,)
Tot ons ontmoet! tot ons ontmoet!
God sy met julle tot ons weer ontmoet!

Nou terwyl ons ons hoofde buig:

Tot ons ontmoet! tot ons ontmoet!

MESSAGE hub online
www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur
William Marrion Branham
"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7